

“... en sy verlossing het nie gekom nie.” In Suid-Afrika, *Eilande* gelees binne ’n resepsie van lyding

Jaco Alant

Jaco Alant, School of Arts, Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban

Opsomming

Die artikel gaan oor Dan Sleigh se *Eilande*, in 2002 gepubliseer, en bestaan uit twee dele. In die eerste word aangevoer dat die tyd van publikasie, vroeg in die post-1994 “bevrydingsjare”, die ontvangs van die roman laat inpas het in die verwagtingshorison van die tyd, gemoeid met die ideaal van politieke bevryding. Sekere akademiese bydraes – onder andere deur Johan Anker en Heilna Du Plooy – word bespreek om aan te dui hoe hierdie oorwegend postkolonialistiese resepsie, met klem op *Eilande* se uitbeelding van magsverhoudinge op grond van ras en geslag, inskakel by die verwagtingshorison van politieke bevryding. Die rol van André P. Brink, as postkoloniale vaandeldraer – en vertaler van *Eilande* in Engels – word ook in hierdie verband bespreek. Daar is egter rede om aan te voer dat *Eilande* se publikasiedatum toevallig is – die roman is wesenlik heelwat vroeër geskryf. Veronderstel die roman sou te midde van ’n ander verwagtingshorison verskyn het? Teenoor die “bevrydingsresepsie” ontwikkel die tweede gedeelte van die artikel die elemente van ’n “lydingsresepsie”, wat ’n meer pessimistiese verwagtingshorison weerspieël, waarin politieke bevryding sy glans verloor het. Onderliggend aan hierdie tema is die teenwoordigheid, in die roman, van die twee primêre verootmoedigingsfigure wat die erfenis is van die Christelike simboliek, die Madonna en die Christusfiguur. Hierdie teenwoordigheid word ondersoek aan die hand van ’n spel van “wisselwerking” tussen karakters. Wat die Madonna aanbetref, is die wisselwerking met Eva-Krotoa en Pieterella. Wat die Christusfiguur aanbetref, met die visser Bart Borms, die Mauritiaanse goewerneur Lamotius en die klerk, Johannes Guilielmus De Grevenbroek. In die Christusfiguur is die wisselwerking gekoppel aan ’n verdubbeling van hoofsaaklik twee beelde: dié van lyding (’n gefolterde gesig of liggaam) en dié van redding (die drenkeling wat gered word). Deurgaans is die rol van die skrywer, Sleigh, wat homself “verdubbel” in die karakter van die klerk en daardeur ’n eie “stem” in die narratief verkry, van deurslaggewende belang.

Trefwoorde: Dan Sleigh; *Eilande*; lyding; postkolonialisme; resepsie

Abstract

"So, in desperation, did he cling to the word hope." In South Africa, *Islands* read within a reception of suffering

The article is about Dan Sleight's Afrikaans historical novel *Eilande*, published in 2002. For purposes of this summary, including the quotation used in the article's English title, reference is made to Andre P. Brink's translation, published as *Islands* in 2004.

The article consists of two parts. In the first part it is argued that the novel's date of publication, only eight years after the birth of the "non-racial democracy", had the effect of placing the novel within the horizon of expectations (Jauss and Benzinger 1970) of the time, still, in the aftermath of 1994, overwhelmingly under the impression of the achievement of political liberation. Of cardinal importance in this regard is Jauss's concept of the literary work's "social function": The work is seen as "special history in its own unique relationship to general history" (Jauss and Benzinger 1970:31) and is received not only "against the background of other art forms [...] [but] the background of *everyday experiences of life*" (Jauss and Benzinger 1970:34, my italics). The first part of the article analyses the novel's South African reception through what it terms a "reception of liberation", in which two fundamental "impulses" are identified.

The first is André P. Brink. More than any other, it is he who defines the reception of liberation through his enduring status, in literary and academic circles as well as the media, as South Africa's most famous "anti-apartheid" author. Tellingly, he also foresaw that "much of the new [post-apartheid] writing may well have to do with a recovery and a rewriting, a reimagination of history" (Petzold 2016:87) and drew attention to how "the need to revisit history has [...] characterised the literature of most of the great thresholds of change", among which he included the end of apartheid (Petzold 2000:45). *Islands*, greater in scope than any other contemporary historical novel, therefore presents itself as *the* fulfilment of Brink's anticipation, who hails it, on the inside flap of his 2004 English translation, as "The Great novel" South Africa has been waiting for, an accolade repeated in even more illustrious terms on the back cover of the Afrikaans edition (Sleight 2005): "A country that can produce a kaleidoscope like this novel, with its sheer dazzling beauty and deep understanding of humanity, has most triumphantly put its colonial adolescence behind it." *Islands*, then, is received by Brink as the quintessential novel illustrating South Africa's overcoming of its colonial past – in other words, its liberation. This status – hence, the novel's reception of liberation – would gain even further confirmation (see Twidle 2013:144) through Brink's highly visible role as the novel's English translator.

The second impulse is postcolonialism. Here the focus is primarily on the academic reception of Sleight's novel. Just as Brink was able to situate *Islands* within the "recovery of history" that would mark the period of liberation, Louise Viljoen, in her overview of Afrikaans literature written for the *Cambridge history of South African literature*, relates the novel to a "return to the archive [...] in the light of events like the transition to democratic rule in 1994, the Truth and Reconciliation Commission and the centenary of the Anglo-Boer War from 1999 to 2002" (Viljoen 2012:463). She furthermore singles out "a renewed interest in the history and culture of the San and Khoikhoi in Afrikaans literature" (2012:463) – the groups, in other words, who had suffered the strongest forms of historical marginalisation – a theme she sees reflected in *Islands*.

This postcolonial concern with the inclusion of a previously marginalised racial “other” dominates the academic contributions about *Islands* reviewed in the article. Johan Anker (2009) shows how the novel undermines the historical narrative written from the point of view of the powerful. He regards the novel – particularly in the portrayal of the clerk, De Grevenbroek – as illustrative of postcolonialism’s preoccupation with the act of writing as engagement and resistance (Anker 2009:42), a writing indeed reminiscent of the anti-apartheid writing of previous decades. Heilna du Plooy (2007) brings to the fore the overlap between race and gender in her study of the “liminal” female protagonists Krotoa and Pieterella, deepening the gender focus on *Islands* already established in a previous study by Dorothea Van Zyl (2003). These examples of the postcolonial academic reception reserved for *Islands* (notwithstanding the recognition by all that the novel is “ultimately” about the universally human, a point, of course, also made in Brink’s signalling of its “deep understanding of humanity”) can be easily situated within the horizon of expectations of South Africa’s era of post-apartheid political emancipation. The article offers the following explanation for the attraction postcolonialism holds for these readers of *Islands*, given the times. At the end of a historical era characterised by a conservative Christian patriarchy and in many ways the product of binary oppositions – black against white, African nationalism against Afrikaner nationalism – postcolonialism with its anti-nationalism and emphasis on hybridity and the “interstitial” offers a theoretical refuge. At the same time it is an ideology, “weaponising” ideas for social interests (Berger and Luckmann 1975:18).

The second part of the article sets out the reception of suffering. This alternative reception is seen in relation to certain changes that have occurred in South Africa in the aftermath of political liberation during which *Islands* was published, resulting, from a social and political point of view, in the altogether more pessimistic horizon of expectations of the present day. The idea of an alternative reception for *Islands* – unrelated to the post-apartheid era of political liberation – is further motivated on the basis that the novel, as has been shown (see Twidle 2013:125), had in any event been written much earlier than its date of publication, as far back as the 1980s. The post-apartheid reception it enjoyed, emphasising postcolonial inclusivity, resistance, even triumph (Brink), was therefore to some extent coincidental.

The theme of suffering is underscored by the more or less subliminal presence in the novel of the two foremost figures of devotion that are the heritage of Christian symbolism, namely the Madonna and the figure of Christ. This presence is explored within a system of intertextual play between various elements in the text, but which also, ultimately, includes the author.

Upon the publication of his final novel, *1795*, in 2016, Sleigh, a career historian and archivist, was at pains to present himself as merely a “visitor” to the world of literature, from which he was now retreating, having completed what he had set out to achieve (see Kotzé-Myburgh 2016). This creates the sense that Sleigh completed a certain *mission*, of which *Islands* is the initial – and, possibly, major – embodiment, and which gives added meaning to the relationship between him and his authorial double in the novel, the clerk De Grevenbroek, who in many instances portrays himself as being on a mission.

The clerk is strongly preoccupied with the Madonna: “Who was she, that poor girl without a trace of cheerfulness on her face” (Sleigh 2004:700). The presence of the Madonna in *Islands* is explored in several instances in the text where her image is evoked, generally through the voice of the clerk, particularly in relation to Pieterella. The article however also considers that the phrase in the prologue “those who carried her in their hearts, from before her birth until

after her end” (Sleigh 2004:2) gives credence to the notion that mother and daughter (Krotoa and Pieterella) should, at least from the point of view of the reception of suffering and as bearers of the image of the Madonna, be thought of as a unified female – and indeed maternal (see Samuelson 2005) – embodiment.

The presence of the figure of Christ is explored through an analysis of primarily two recurring images, that of a suffering, tortured body or face, and that of the man lost at sea who is rescued against all odds, offering some kind of redemption in the face of suffering. The former is explored particularly in the character of Lamotius, the fallen governor of Mauritius, who is progressively disfigured, humiliated and tortured, not just physically, but also morally. Once again, the clerk is an important conduit for these insights: “[H]e tried to find Lamotius’s present face in the dark hollow of a monk’s cowl” (Sleigh 2004:735). The latter image, of rescue at sea, is explored in the character of “The Fisherman”, Bart Borms. Here, too, the clerk manages to assert himself when, “dejectedly”, struggling to finalise his text (Sleigh 2004:741), he finally comes to imagine himself as “a drowning man [being lifted] from the sea” (Sleigh 2004:742).

Within a reading amenable to the possible function in the novel of devotional images, the article also considers related symbols, notably the number 12, which occurs with a certain regularity throughout the novel. Two characters, Autshumao, leader of the twelve remaining Goringhaicona (Sleigh 2004:3), and Hans Michiel, who had to escort twelve chained convicts to Amsterdam (Sleigh 2004:294), are reflected on in this regard.

Keywords: Dan Sleigh; *Islands*; postcolonialism; reception; suffering

1. Inleiding. *Eilande* gelees binne ’n veranderende verwagtingshorison

Reg aan die begin van haar “Writing the Company: From VOC *Dagregister* to Sleigh’s *Eilande*”, noem Hedley Twidle so terloops dat Dan Sleigh sy historiese roman *Eilande*, in 2002 gepubliseer, reeds in die vroeë 1980’s geskryf het (Twidle 2013:125).

Dit is ’n merkwaardige gegewe.

Toegee, Sleigh sou ná die publikasie van *Eilande* verduidelik hoe hy “die oorspronklike manuskrip [met die aanvanklike titel *Stemme uit die see*] weggesit [het] omdat ek nie geweet het hoe om dit klaar te maak nie”. By die lees van Julian Barnes se *A history of the world in 10½ chapters* het hy egter tot die gevolgtrekking gekom dat die afwesigheid van ’n deurlopende, sentrale verteller, wat hom tot op daardie stadium gekniehalter het, onnodig was: “Jy kan alles bloot rondom ’n tema organiseer!” (Terblanche 2017).¹ Barnes se boek, op ’n manier die sleutel tot Sleigh se suksesvolle deurvoering van *Eilande*, is in 1989 gepubliseer. Hierdie besonderhede is egter van mindere belang. Interessant is die feit – of minstens die moontlikheid – dat *Eilande* substantief reeds ’n geruime tyd vóór sy publikasie geskryf is. Die uiteindelijke jaar van publikasie, 2002, verkry dus daardeur ’n sekere toevalligheid.

’n Roman se datum van uitgawe bepaal natuurlik wanneer dit leesbaar word vir kritici en die breër publiek. Dit impliseer dat daar ’n verband is tussen die datum waarop ’n roman gepubliseer word en die roman se (aanvanklike) resepsie. Dié soort stelling laat mens dink aan Hans Robert Jauss se resepsieteorie (Jauss en Benzinger 1970). Hierdie artikel het geensins ten doel om ’n

literêr-historiese ontleding van *Eilande* te doen aan die hand van die roman se plasing, op grond van 'n sekere leeservaring of verwagting van sy publiek, binne die sisteem van 'n bepaalde tekstipe of genre nie, sê nou maar die Suid-Afrikaanse – of Afrikaanse – historiese roman. (Twidle se bovermelde studie doen dit in 'n mate wel, sonder om enigsins melding te maak van Jauss of enige spesifieke resepsieteorie.)²

Wat egter wel in hierdie artikel van belang is, is Jauss se “context of experience”, en hoe dit die teks se “interpretative reception” voorafgaan (Jauss en Benzinger 1970:13). Gevolglik word daar by een van die maniere³ aangesluit waarop, volgens Jauss, die bepaalde resepsie wat 'n skrywer van sy leser te wagte kan wees homself voltrek, naamlik “the possibility that the reader of a new work has to perceive it not only within the narrow horizon of his literary expectations but also within the wider horizon of his experience of life” (Jauss en Benzinger 1970:14). Hierdie insig lei tot Jauss se bekendste begrip, ontleen aan die sosiologie van Karl Mannheim, naamlik die *verwagtingshorison* (sien Rossouw 2013), waarvolgens “[t]he new literary work is received and judged against the background of other art forms as well as the background of everyday experiences of life” (Jauss en Benzinger 1970:34, my kursivering). Deurslaggewend, in hierdie perspektief, is die werk as “special history in its own unique relationship to general history” – die literêre werk neem 'n sosiale funksie (“social function”) aan waardeur “the literary experience of the reader enters the horizon of expectations of his life, forms his interpretation of the world, and thereby has an effect on his social actions” (Jauss en Benzinger 1970:31).

Soos Rossouw (2013) verduidelik, gaan dit hier inderdaad oor twee verwagtinghorisonne wat deur Jauss onderskei word: “dié een wat in die sisteem van die werk self vervat is en die verwagtingshorison van die lewenspraktyk wat deur die leser in die werk ingedra word”. Eersgenoemde, “in die sisteem van die werk self vervat”, is natuurlik *Eilande* as Suid-Afrikaanse historiese roman. Maar dit is laasgenoemde wat in hierdie artikel aan bod kom: 'n resepsie van *Eilande* deur die lens van die lewenservaring van sy leser, soos beklee deur die sosiale omstandighede van die leser se tyd.

Na hierdie inleiding volg twee hoofgedeeltes. In afdeling 2 val die klem op die aanvanklike resepsie (soos gesien in die lig van die sosiale – politieke, ekonomiese – verwagtingshorison van die tyd) wat *Eilande* te beurt geval het. Dit gaan hier oor ongeveer die eerste vyf jaar na die roman se verskyning, miskien effens langer, wat ontleed word aan die hand van 'n “resepsie van bevryding”: Die onderhawige periode, niesteenstaande sekere eerste terugslae, val steeds binne die “wittebroodsjaar” van die nuutgestigte Suid-Afrikaanse demokrasie, bevry van “die juk” van kolonialisme en apartheid. Na die dekades van uitsluiting op grond van die pariasstatus wat Suid-Afrika tydens apartheid geken het, word hierdie tydperk gekenmerk deur die vryheid om “ten volle deel te wees van die wêreld”. Twee fundamentele “impulse” in hierdie bevrydingsresepsie word onderskei: in die eerste plek, die besondere invloed van 'n enkele Suid-Afrikaanse literêre wêreldfiguur, André P. Brink; in die tweede, die postkolonialisme. Beide speel 'n rol, nie net in die breë resepsie van die roman nie, maar ook in literêre kritiek.

In afdeling 3, wat dan ook die titel van die artikel gestand doen, volg 'n argument vir 'n alternatiewe resepsie van *Eilande*, 'n “resepsie van lyding”. Hierdie resepsie is nie 'n bestaande of erkende resepsie nie, vanweë die voortdurende invloed en prestige van die bevrydingsresepsie. Dog die lydingsresepsie bestaan as moontlikheid. Natuurlik berus hierdie alternatiewe “verkonkretisering”⁴ (of realisering) van die roman óók op die verwagtingshorison “wat in die sisteem van die werk self vervat is” (soos hier bo opgemerk), maar dit word in hierdie artikel

veral benader vanuit die oogpunt van leserservaring, wat nou saamhang met 'n veranderde tydvak waarin *Eilande* gelees sou kon word.

Mens sou hierdie veranderde tydvak kortliks só kon opsom: As 'n land het Suid-Afrika die nuwe vryheid om volledig deel van die wêreld te wees miskien op sy hoogste vlak beleef, ten minste op simboliese vlak, in die euforie van die 2010-Wêreldsokkerbekerfinale. Eintlik was dit dié Mandela-oomblik (naas die ikoniese oomblik van Mandela in Springboktrui na afloop van die 1995-rugbywêreldbekereindstryd op Ellispark) – en sy wuif vir die juigende skare terwyl hy in 'n oop motor om die speelveld gery word na afloop van die Spanje-Nederland-eindstryd by Soccer City is dan ook Mandela se heel laaste openbare optrede. Tog het die tydperk waarna Cyril Ramaphosa in 2019 tydens 'n besoek aan die VSA as Suid-Afrika se “lost years” verwys het, toe al reeds begin. Mens is vertrou met die gemeenplase van die daaropvolgende jare: feitlik zero ekonomiese groei (nadat groei gemiddeld 5% per jaar was in die “bevrydingsjare”), staatskaping, grootskaalse korrupsie, agteruitgang van staatsdienste en infrastruktuur. Ook op kulturele vlakke was dié agteruitgang duidelik, in 'n algemene verharding van houdings oor rassegrense heen, met verwysings na die “reënboognasie” voortaan grootliks by wyse van ironie. Die afwagting van die bevrydingsjare het uitgeloop, en plek gemaak vir 'n sosiale verwagtingshorison van sinisme en pessimisme.

Dis vanuit dié horison dat die lees van *Eilande* tot sin kom binne 'n resepsie van nie meer bevryding nie, maar lyding. Eerder as dat die roman gelees word in 'n bewussyn gevoed deur die heersende trope van die “bevrydingstyd” – insluiting van gemarginaliseerdes in 'n staat van eenheid, tersydestelling van onderdrukking in 'n staat van gelykheid – word dit nou gelees as 'n meer individueel menslike ervaring. Dié ervaring is in die eerste plek die eensaamheid en lyding van die menslike kondisie. Waar dit wel ook 'n soort redding – “verlossing” – kan behels, het laasgenoemde min gemeen met die bevryding (politiek, ekonomies, kultureel) wat gekoppel kan word aan 'n spesifieke “demokratiese” wending in Suid-Afrika se onlangse geskiedenis.

Die lydingsresepsie word belig aan die hand van 'n soort “logika van wisselwerking”. Die wisselwerkings neem die vorm aan van reduplikasies, spieëlbeelde en verdubbeling, en daar is verskeie ter sprake, ten aanvang, dié van Sleigh self, ten opsigte van sy eie dualisme as skrywer/historikus. Hierdie dualisme is welbekend, maar die latere verwagtingshorison – ná die publikasie van Sleigh se *1795* in 2016 – voeg iets by wat van kardinale belang is: Sleigh het sedert die jare van die bevrydingsresepsie, uit eie beweging, *opgehou om te skryf*. Hy het die wêreld van die skrywer besoek, toe weer verlaat.

Verder is daar natuurlik die dualisme van Sleigh wat homself deur die karakter van die klerk, De Grevenbroek, in die verhaal laat verteenwoordig. Die versugting na verlossing in die titel van die artikel is juis dié van De Grevenbroek, maar is dit nie ook die skrywer s'n nie? Die skrywer wat ook “verdubbel” in die leser?

Ten slotte word die resepsie van lyding toegelig aan die hand van enkele wisselwerkings binne die teks self, en wat inderdaad lydingsfigure oproep waarmee Sleigh se gemiddelde Suid-Afrikaanse leser vertrou is: Bybelse figure. Die eerste figuur, dié van die vrou, die Madonna, kom duidelik en by name na vore teen die einde van die roman in die beeld van Pieterella, dogter van Krotoa. Die tweede, dié van 'n man, 'n soort Jesus-figuur, word nie by die naam genoem nie en is binne meer as een karakter verskuil; hy het meer as een gesig. Die volgende karakters word op gefokus: Bart Borms, “die visser”, en Lamotius, gevalle goewerneur van Mauritius. En natuurlik die klerk, in wie se besinning dié figure eindelik tot betekenis kom.

Enkele opmerkings oor die universele simboliek in *Eilande* sal die artikel afrond.

2. *Eilande*: 'n resepsie van bevryding

2.1 André P. Brink

A country that can produce a kaleidoscope like this novel, with its sheer dazzling beauty and deep understanding of humanity, has most triumphantly put its colonial adolescence behind it.

Die aanhaling hier bo is sekerlik *Eilande* se bekendste aanprysing, en pryk op die rug van die uitgawe wat vir hierdie ondersoek gebruik is (Tafelberg 2005). Aan die woord is nie die boeke-redakteur van 'n koerant, of 'n min of meer bekende akademikus of skrywer nie. Nee, dit is 'n literêre ikoon, André P. Brink, saam met Breyten Breytenbach die Afrikaanse letterkunde se bekendste wêreldbürger, skrywer van 'n internasionaal bekende oeuvre van meer as 20 romans, maar wat hom veral onderskei het, ten minstens sedert die publikasie (en verbanning) van *Kennis van die aand* in 1974, as *politie betrokke* skrywer.

Brink sou daarna, in die 1970's, 1980's en 1990's, dié Suid-Afrikaanse vaandeldraer wees vir Jean-Paul Sartre se *intellectuel engagé*. Die vele romans waarin hy die boosheid en tragiek van Suid-Afrika se historiese asook hedendaagse rassevooroordeel uitbeeld – benewens *Kennis van die aand*, 'n *Oomblik in die wind*, *Gerugte van reën*, 'n *Droë wit seisoen*, *Houd-den-bek ...* – getuig van hierdie betrokkenheid. Daarbenewens is sy openbare optredes by kulturfeste, literêre en politieke kongresse opvallend, asook sy vele onderhoude in die media. Soos Diala (2005:1) dit stel: “André Brink’s international reputation as a major dissident Afrikaner artist whose fiction was crucial in the cultural struggle against apartheid and in the eventual democratisation process in South Africa is virtually unassailable.”

Net minder as 30 jaar ná *Kennis van die aand* word Sleigh se *Eilande* sonder uitsondering deur plaaslike resensente geloof, en verower die roman tussen 2001 en 2004 verskeie literêre pryse: wanner van die Groot Romanwedstryd van Sanlam, *Insig* en *Kwela* (in samewerking met LitNet en RSG), die W.A. Hofmeyr-prys, die RAU-prys, die M-Net-prys, die Helgaard Steyn-prys (Terblanche 2017). Die omvangrykheid van hierdie pryse getuig van die soort *jubeling* wat die resepsie van *Eilande* kenmerk, 'n jubeling, so voel mens, wat Brink se opmerking “has most triumphantly put its colonial adolescence behind it” dan ook perfek saamvat.

Sekerlik het Sleigh, in die jare van *Eilande* se publikasie en aanvanklike resepsie, geen leser meer gesaghebbend as Brink gehad nie. En as enigiemand die grootse stelling kon maak van 'n roman wat as't ware die bewys is dat 'n land, Suid-Afrika, nie net die *vermoë* het om sy koloniale verlede te bowe te kom nie, maar dit inderdaad *reggekry* het, is niemand beter daarvoor gekwalifiseer as Brink nie. Dog Brink gaan verder. Nie net is hy *Eilande* se primêre aanpryser nie, hy word ook die boek se vertaler in die wêreld se mees wyd geleeste taal. Van *Eilande* maak hy *Islands*, wat reeds in 2004 by Secker & Warburg verskyn.

Brink se Engelse vertaling van *Eilande* is derhalwe, juis vanweë Brink se posisie, geen gewone vertaling van 'n Afrikaanse roman nie. Die frase “Translated by André Brink” verleen aan Sleigh se historiese roman 'n status as *Suid-Afrikaanse roman* wat daardeur 'n spesiale trefkrag

verkry, afgesien van die feit dat die roman uiteraard nou, danksy sy Engelstaligheid, as't ware wêreldbesit word.

In haar ATKV|LitNet-skrywersprofiel oor Sleigh meld Terblanche (2017) hoe Sleigh “nou gemoeid” was met Brink se vertaling, en haal Brink as volg aan oor die vertaalproses: “Die grootste hulp en riem onder die hart was om te weet dat ek, soos ’n akrobaat in die sirkus, ’n veiligheidsnet het. Daardie veiligheidsnet was Dan Sleigh en hy help jou met liefde en begrip.”⁵ Toegegee, hoewel Brink hier uitgesproke, hartlike waardering vir die skrywer se hulp toon, is dit homself, die vertaler, wat hy in die kollig plaas.⁶ Twidle (2013:152) merk inderdaad dieselfde rolverdeling tussen skrywer en vertaler op: “Perhaps the English version is best looked on as an unusual and powerful joint work, where Brink’s role as a translator of Cape history for a global readership is combined with Sleigh’s local respect for the autonomy and distance of the past.”

Twidle suggereer hier iets wat van besondere belang is: ’n sekere verskil in Sleigh en Brink se houding teenoor die geskiedenis. Haar erkenning van “Brink’s role as a translator of Cape history for a global readership” is inderdaad betreklik teësinnig, ten minste binne die konteks van die aangehaalde studie. In *Eilande* slaag Sleigh volgens Twidle (2013:130–1) merkwaardig daarin “to resist, to an unusual extent, the kind of ‘reverse engineering’ of history produced by nationalist historiography, but also by the kind of well-meaning (but often reductive) forms of national allegory that are often so strong a feature of writing in a newly postcolonial state”. By Sleigh geskiedenis, voorgestel vanuit die oogpunt en binne die gesigsveld van die historiese era, ’n “microhistory” met beklemtoning van “the *longue durée* and the influence of slow-moving, underlying environmental factors like geography, space and climate on human events” (Twidle 2013:131).⁷ Brink het homself natuurlik ook onderskei as skrywer van historiese romans, en Twidle oorweeg veral *Houd-den-bek* en *Anderkant die stilte* (in hulle onderskeie Engelse vertalings *A chain of voices* en *The other side of silence*). In teenstelling met Sleigh se *Eilande* merk sy (2013:144, my kursivering) egter by Brink “inevitable distortions inherent in the sheer ambition of his undertakings”, wat sy – ietwat ironies – toeskryf aan sy “invaluable role as prolific author-translator populariser”.⁸

Mens sou Twidle se argument so kon opsom: Waar Sleigh skryf oor die geskiedenis *as* geskiedenis (die “microhistory” van die “*longue durée*”), skryf Brink daarvoor in soverre die geskiedenis (sekere geskiedkundige gebeure) as voedingsbron dien vir sy literêre werk. Hierdie onderskeid hou natuurlik verband met ’n verskil in professionele agtergrond – as sodanig, van literêre status – tussen Sleigh en Brink, minstens ten tye van *Eilande* se verskyning. Wanneer Sleigh *Eilande* publiseer, word hy voorgestel as “redakteur in die transkripsie-afdeling van die Kaapse argief” (Sleigh 2005, agterflap); Brink, daarenteen, vertaal *Eilande*, nie soseer as vertaler nie (Brink is wel ’n gerekende vertaler, maar vertaling was nooit ’n sentrale fokus van sy loopbaan nie), maar as ’n wêreldbekende skrywer – wie se werk juis die reputasie het dat dit Suid-Afrika se historiese politieke onregverdigheid aan die kaak gestel het binne die konteks van die stryd teen apartheid. In hierdie sin skep Brink se vertaling van *Eilande* noodwendig ’n sekere resepsie vir Sleigh se roman, wat Brink dan ook verder populariseer (om Twidle se woord te gebruik) in sy welbekende “South Africa has for a long time been waiting for the ‘Great Novel’ which would – presumably – mark its coming of age. It goes by the name of *Islands*, by Dan Sleigh” (Sleigh 2004, stofomslag).

Ten spyte van haar hoogs gemotiveerde waardering vir *Eilande* distansieer Twidle haarself – en Sleigh by implikasie – in ’n mate van dié lofbetuiging (“Certainly it seems the definitive

evocation of European arrival in southern Africa”, sê sy – Twidle 2013:152), bepaald omdat sy glo dat Sleigh nie self so ’n aanspraak sou maak nie: “A more disciplined reader of the archives than his translator, Sleigh makes no such claims. He has very little to add outside his work” (Twidle 2013:152).

Om *Eilande* as die Groot Suid-Afrikaanse Roman te beskryf, sluit egter perfek aan by Brink se hier bo aangehaalde, eweneens gevleuelde “has most triumphantly put its colonial adolescence behind it”. Van Brink se vroeëre uitsprake dui dan ook daarop dat die Groot Suid-Afrikaanse Roman juis ’n historiese roman moes wees. In ’n 1993-artikel waarin hy bespiegel oor die postapartheid literatuur, voorsien Brink dat “much of the new writing may well have to do with a recovery and a rewriting, a reimagination of history” (Petzold 2016:87).⁹ Drie jaar later herhaal hy hierdie siening wanneer hy aanvoer dat “the need to revisit history has both accompanied and characterised the literature of most of the great thresholds of change – and the transition from the apartheid system to democracy clearly provides such a ‘threshold of change’” (Petzold 2000:45).¹⁰

Brink se “threshold of change” dui hier op niks anders as ’n verwagtingshorison nie, een waarin die historiese roman tot ’n sekere vervulling moet kom. Hoewel Brink self dié genre reeds vroeër beoefen het (*’n Oomblik in die wind* in 1977, die reeds genoemde *Houd-den-bek* in 1982, *Die eerste lewe van Adamastor* in 1988, *Die kreef raak gewoon daaraan* in 1991), verskyn daar in die periode onmiddellik ná die apartheidsera verskeie romans uit sy pen – *Inteendeel* (1993), *Sandkastele* (1995), *Donkermaan* (1998), *Voor ek vergeet* (2004) – wat, soos Twidle dit stel, “all embody a series of crossings, blurrings and muddying of the fiction/non-fiction divide: careful historical scholarship passes into flamboyant novelistic form; archival detail into magical-realist arabesques” (Twidle 2013:128). Die Groot Suid-Afrikaanse Roman? Dis miskien insiggewend dat Brink dié titel aan Sleigh se *Eilande* sou toeken (of, soos Twidle suggereer, aan sy eie Engelse vertaling, *Islands*) kort nadat *Donkermaan* in 2000 met die Hertzogprys vereer is – ’n roman, vergelykbaar met J.M. Coetzee se *Disgrace*, wat “vertel van die verlies van persoonlike ruimte en veiligheid in die eietydse Suid-Afrika” (Van Coller 2017); ’n ontugtering oor die “nuwe” Suid-Afrika, en wat, by nabetraging, merkwaardig in kontras staan met die “country that [...] has most triumphantly put its colonial adolescence behind it” wat Brink een of twee jaar later in *Eilande* sou lees.

Soos reeds aangetoon, is daar ’n betreklik lukrake verband tussen die periode waartydens Sleigh *Eilande* geskryf het en die roman se publikasie. Sou Brink, op daardie stadium uitgesproke in sy kritiek van die De Klerk-regering se rol met betrekking tot die grootskaalse geweldpleging wat die vroeë 1990’s gekenmerk het (sien byvoorbeeld Brink, 1993), dieselfde “jubelende” resepsie vir *Eilande* voorgestel het indien die roman, argumentsonthalwe, in 1992 of 1993 uitgegee is? Sekerlik nie. Om *Eilande* te lees as bewys van ’n sekere “aflegging” (“put its colonial adolescence behind it”) van sy land se koloniale verlede, sou een voorwaarde eers nagekom moes word: die beëindiging van apartheid, die instelling van demokrasie. Uiteindelik kan *Eilande* Brink se triomfantelike bereddering van Suid-Afrika se koloniale verlede (of die Groot Suid-Afrikaanse Roman) wees omdat die roman verskyn binne die verwagtingshorison van ’n bepaalde tyd, die eerste dekade van die “bevryde” Suid-Afrika.

2.2 Die postkolonialisme

Wat die akademiese resepsie van *Eilande* in die reeds bespreekte “bevrydingsjare” betref, staan twee studies uit: Heilna du Plooy se “Liminality and liminal figures in *Islands* by Dan Sleigh:

a novel about early Dutch colonial history in South Africa” (2007) en Johan Anker se “Aspekte van postkoloniale verset in *Eilande* deur Dan Sleigh” (2009).

Du Plooy motiveer haar gebruik van die begrip *liminaliteit* soos volg: “Liminality suggests that there is a place or space associated with the limen or the threshold; it is a more supple and free-flowing concept than the ‘margin’ which implies a binary opposition between centre and margin” (Du Plooy 2007).¹¹ Deur *Eilande* te lees aan die hand van hierdie begrip – as ’n manier om die aard en gevolge van ’n *spesifieke* koloniale geskiedenis te verstaan – wil Du Plooy (2007) dan ook ’n bydrae maak tot ’n postkoloniale debat waarbinne, soos sy dit stel, “much [...] is still concerned with the relation between the centre and the periphery of (previous) empires, between the centres of power in the metropolises and the attempts to be heard of the colonial voices”. Liminaliteit is dus nuttig om ’n sekere teenoormekaarstellende effek van die postkolonialisme te oorbrug, teen ’n (postkoloniale) agtergrond wat juis, soos sy argumenteer, klem lê op die feit dat “colonial communities as such can be described as occupying liminal spaces” in ’n voortdurende opeenvolging van “liminal processes in motion” (Du Plooy 2007) wat deur kolonialisme ontketen is.

Al die karakters in *Eilande* is dus liminaal,¹² soos Du Plooy ook aandui. En soos sy in die laaste gedeelte van haar artikel betoog, geld hierdie “staat van liminaliteit” inderdaad in die huidige, in soverre Suid-Afrika se inwoners steeds genoodsaak is “to establish at least a communal margin or threshold or limen where matters of mutual concern can be negotiated” (Du Plooy 2007). Wat *Eilande* aanbetref, rig sy haar egter spesifiek tot die twee vrouekarakters, Krotoa en haar dogter Pieterella, in wie sy as’t ware die beliggaming van liminaliteit sien – ook soos vergestalt binne die struktuur van die roman self: Die perspektief van die vrou word nooit van binne weergegee nie (hulle is nie fokaliseerders nie); “Pieterella is the axis around which the 750-page novel revolves, and yet the story is about her and around her but never of her.”¹³ The same goes for Krotoa” (Du Plooy 2007). Deur hierdie fokus op Krotoa en Pieterella situeer Du Plooy haar lees van *Eilande* binne twee oorvleuelende verwagtingshorisonne van die 1990’s en vroeë 2000’s, wat beide betrekking het op (die insluiting van) “die ander”.

Die eerste verwagtingshorison het te make met ras. In haar hoofstuk in *Cambridge history of South African literature*, onder die hofie “The return to the archive”, beskryf Louise Viljoen hierdie moment soos volg:

In what can be described as a “return to the archive”, a variety of Afrikaans writers engaged with South African history in the light of events like the transition to democratic rule in 1994, the Truth and Reconciliation Commission and the centenary of the Anglo-Boer War from 1999 to 2002. In their engagement with various phases of South African history, these writers often focused on the injustices done to the indigenous peoples of the country by early colonisers. This, in turn, led to a renewed interest in the history and culture of the San and Khoikhoi in Afrikaans literature. (Viljoen 2012:463)

Enkele reëls verder sluit Viljoen dan ook *Eilande* by hierdie horison in, met die klaarblyklike motivering dat Sleigh se roman “makes use of the narrative perspectives of ordinary people” (diegene wat met ander woorde gely het onder die “injustices” van kolonialisme) terwyl sy byvoeg, tussen hakies, “(amongst which the indigenous Khoi)” (Viljoen 2012:464).

Die tweede verwagtingshorison is dié van geslag, meer bepaald gefokus op die “bruin” (of “swart”) vrou. Marlene Van Niekerk se *Agaat* (2004) is sekerlik die vernaamste literêre verwysing in hierdie verband – en Dalene Matthee se *Pieterella van die Kaap*, wat twee jaar voor *Eilande* verskyn en in die subtitel inderdaad aangedui word as ’n “Historiese roman oor Pieterella en Eva-Krotoa” (Matthee 2000, titelblad). Hierby kan ons ook die “sosiale” verwagtingshorison voeg, veral met betrekking tot die jare lange polemie en gepaardgaande simboliek in die laat 1990’s en vroeë 2000’s, rakende Saartjie Baartman. Na die aanvanklike twis met die Franse regering oor die teruggawe van haar oorskot, is sy in 2002 in die Oos-Kaap herbegrawe. In die vroeë 2000’s is onder andere ’n munisipaliteit en selfs ’n skeepsvaartuig vir omgewingsbewaring na haar vernoem (Sarah Baartman s.j.).

Met haar klem op die oorvleuelende uitsluitings van ras en geslag sluit Du Plooy aan by Dorothea Van Zyl, wat reeds in 2003, met verwysing na sowel *Eilande* as *Pieterella van die Kaap*, ’n “voorlopige verkenning” onderneem het van “die manier waarop die ‘ander’ gekonstrueer word” (Van Zyl 2003:54). Met betrekking tot Pieterella maak Van Zyl (2003:61) die stelling dat sy “dubbel gemarginaliseer [is] binne die sewentiende eeuse samelewing: eerstens as vrou en tweedens as iemand van gemengde afkoms” – geslag en ras, dus – ’n insig wat sy koppel aan Ashcroft, Griffiths en Tiffen (1989:175) se stelling dat “the history and concerns of feminist theory have strong parallels with post colonial theory”.¹⁴

Binne hierdie verwagtingshorisonne van ras en geslag is Du Plooy se postkoloniale fokus op Sleigh se Krotoa en Pieterella dus verstaanbaar – al sou sy ongetwyfeld presies dieselfde fokus kon gehad het op Matthee se weergawe van die twee vrouekarakters, wat glad nie ter sprake kom nie.¹⁵ (Dis betekenisvol om hier te noem dat Sleigh by minstens een geleentheid, toevallig in dieselfde jaar waarin Du Plooy se artikel verskyn,¹⁶ sy ergernis uitspreek oor hoe dié vrouefigure die resepsie van *Eilande* sou oorheers: “Dit bly by Krotoa, Krotoa, Krotoa met Sarah Baartman as afwisseling. Wanneer gaan dit, byvoorbeeld, uitbrei?” – Twidle 2013:140). En mens het begrip vir Viljoen se pogings – wat ’n mate van spitsvondigheid vereis, soos die “(amongst which the indigenous Khoi)” aandui – om *Eilande* voluit deel te maak van wat sy bestempel as die “terugkeer na die argiewe” in die Afrikaanse letterkunde van die 1990’s en 2000’s.¹⁷ Daar is inderdaad geen beter aanduiding van die bevrydingsverwagtingshorison as die verskynsel, in die 1990’s en 2000’s, van akademiese boeke wat daarna streef om van ’n *inklusiewe* “South African literary history” ’n werklikheid te maak nie, met die Cambridge-kolokol waaraan Viljoen meegewerk het verreweg die mees omvattende.¹⁸ Die politieke aktualiteit waarna Viljoen verwys (1994 se demokrasie, die Waarheid-en-versoeningskommissie), het egter hoegenaamd *geen* rol gespeel in die totstandkoming van *Eilande* nie, wat wesenlik reeds vroeër geskryf is. Nog minder het Sleigh, geskiedkundige en argivaris van die *longue durée*, hom – soos byvoorbeeld ’n André Brink of ’n Dalene Matthee – “gewend tot die argiewe”. *Eilande* moet egter inpas by ’n akademiese verwagtingshorison wat sterk na vore tree in die tydvak van bevryding: die leser wat “raaklees” vir inklusiwiteit en “uitreik na die ander”. Die tydvak vereis niks minder nie.

Waar Du Plooy, soos in ’n mate Van Zyl voor haar, *Eilande* lees vir sy bevrydingswaarde van die (vroulike) ander, verskuif Anker die fokus na verset, oftewel *Eilande* se “ondermyning van die meesternarratiewe”. Van hierdie “aspekte van verset” sou sy studie die volgende aanspreek:

die ondermyning van die siening van Europa as die sentrum en die gevolglike aandag aan die periferie, grensposte, hibriditeit en die geskiedenis van die ander en stemloses; die kritiek op die oordrewe gesagsuitoefening en geweld; eerder die uitbeelding van die

gewoon-menslike ervaring as dié van die heersers; ’n verskeidenheid perspektiewe op die koloniale geskiedenis; en die blootstelling van die leuens oor vrye regspraak, geregtigheid, vryheid en burgerskap, nasieskap en eenheid. (Anker 2009:41)

In navoring van Elleke Boehmer¹⁹ stel hy (2009:38) verset as “’n inherente eienskap van postkoloniale tekste” en spoor dié verset in *Eilande* by uitstek na in die figuur van “die klerk”, De Grevenbroek, wat “daarop uit is om ’n ánder weergawe te gee van die koloniale gesag as die amptelike weergawes daarvan”. Gevolglik word laasgenoemde ’n illustrasie van die “waarde van die skryfaksie as betrokkenheid en verset” (Anker 2009:42). Hier is die wisselwerking – inderdaad ’n verdubbeling – waarna ek in die inleiding verwys het natuurlik ter sprake, deurdat De Grevenbroek as’t ware Sleigh in die teks figureer: “Hy [die klerk] ken die mense en die tydperk van die eerste 50 jaar baie goed (soos Sleigh met *Die buiteposte*)²⁰ en het ontsaglik baie materiaal om te verwerk” (Anker 2009:36). Die karakter van die klerk bevind hom dus grootliks in presies dieselfde posisie ten opsigte van die historiese data waarmee hy werk as Sleigh drie eeue later. Nie net ten opsigte van historiese data nie, maar inderdaad ten opsigte van verset: “Dit is ’n verteller [die klerk] wat ook binne die sisteem van die VOC werksaam was, deel was van die proses van koloniserings, en tog in verset kom teen daardie sisteem, *soos die wit skrywers binne die apartheidsisteem as skrywers deur hul geskryfte in opstand kon kom teen die sisteem van daardie tyd*” (Anker 2009:40, my kursivering). Die klerk is nie net Sleigh nie; hy is deur sy verset ook – veral? – Sleigh se populariseerder, Brink, emblematisies van die “wit skrywers binne die apartheidsisteem” wat hulle deur hul werk verset het teen apartheid.

Anker voer hierdie gedagtegang verder wanneer hy vir Sue Kossew aanhaal: “Who takes up the position of power, pen in hand?” (Anker 2009:42). Die aanhaling kom uit Kossew se boek *Pen and power. A post-colonial reading of J.M. Coetzee and André P. Brink* (1996). Dit is vir ons doeleindes insiggewend. Coetzee en Brink is hoogs gerekende en inderdaad wêreldberoemde postkoloniale skrywers, oorwegend bekend vir hulle fiksie, wat wel, in sekere gevalle – veral by Brink – inspirasie put uit geskiedkundige gebeure. Daarteenoor word Sleigh, soos reeds genoem, op die omslag van *Eilande* soos volg voorgestel: “Dr. D. Sleigh werk as redakteur in die transkripsie-afdeling van die Kaapse Argief. Hy spesialiseer in die Nederlandse koloniale tydperk. Verskeie geskiedkundige publikasies het reeds van hom verskyn, o.m. *Die buiteposte – VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652–1795*” (Sleigh 2005, binnevou). Dieselfde nederigheid aangaande Sleigh se skrywerstatus is te lese op die agterblad van *Islands*: “Dan Sleigh works as a researcher in the National Archives in Cape Town. *Islands* is his first novel”²¹ (Sleigh 2004, agterblad). Die lens van postkoloniale verset laat Anker egter toe om die beginner-skrywer Sleigh – volgens sy roman se parateks eerder ’n historikus en argivaris – sonder meer in Brink en Coetzee se gevierde postkoloniale dampkring in te skryf. Anker (2009:56) sien Sleigh se “herskrywing van sy historiese *Die buiteposte* tot ’n roman [*Eilande*] waarin hy die stiltes en stilles in die geskiedenis stem gegee het” dan ook as ’n illustrasie van – wie anders? – Brink se idee van die historikus se “rewriting and reimagining”²² van die geskiedenis. Sleigh se herskrywing van ’n vroeë geskiedenis (die 17de-eeuse Kaap) word dan reeds vroeg in die artikel in verband gebring met niks minder nie as die *skryf* van ’n postkoloniale Suid-Afrika, waarby *Eilande* se publikasiedatum – soos reeds aangetoon is, grotendeels ’n toevalligheid – hoogs tersaaklik is: “Waar *Eilande* gepubliseer word in 2002, pas na die geboorte van die Nuwe Suid-Afrika, word dit ’n verdere dubbele visie en dubbele implikasie vir ’n blanke skrywer om oor die geboorte van die nuwe land te skryf: dié van 1652 en 1994” (Anker 2009:40, my kursivering). Weer eens hoor mens Brink se eggo: Sleigh skryf oor ’n land wat sy koloniale jeugdigheid te bowe gekom het.

Net soos die geval was by Viljoen en Du Plooy, word Sleigh nogmaals deur Anker “ingelees” binne die bevrydingsprerogatiewe (bevryding van kolonialisme, bevryding van apartheid, bevryding van diskriminasie gegrond op geslag) van die draai van die eeu. *Eilande*, by uitstek ’n historiese roman (niemand bevraagteken dié status nie), word wesenlik ’n reaksie op die postkoloniale vraagstukke en ingesteldhede van die nuwe Suid-Afrika. Dié is sekerlik die oorheersende resepsie van die roman, alhoewel die studies waarna ek hier verwys het, asook die talle resensies en uitsprake, sonder uitsondering melding maak van *Eilande* se “uiteindelike” universaliteit: “’n universele menslike verset teen ’n ewige onsekere bestaan” (Anker 2009:56); “it is part of the human condition to be unable to ever fully exit the limen or the threshold” (Du Plooy 2007).

Die eindelose spel van die see, “die groen vrugwater waarin ons dryf, en gedryf het” (Sleigh 2005:2; hierna verwys ’n alleenstaande bladsynommer na hierdie bron) asook die “eilande” van die titel is hier die uitstaande simbole. Viljoen (2002) stel dit miskien die mooiste:

Enersyds is die lewens van die karakters verbind met letterlike eilande soos Robbeneiland wat reeds in daardie jare die rol van gevangenis en strafeiland begin speel het, die eilande in Saldanhabaai en ook Mauritius. Andersyds is die eiland egter ook beeld van die manier waarop mense deur die noodlot gestroop kan word totdat hulle heeltemal alleen staan.

Volledigheidshalwe kan mens hier ook die aandag vestig op enkele insigte wat nie noodwendig strook met die bevrydingsresepsie nie, en waarna reeds in ’n mate verwys is. So stel Van Zyl (2003:64) dit dat Matthee se hantering van Pieterella inderdaad “[sterker inspeel] op die eie tyd” as Sleigh s’n, deurdat Pieterella in Matthee se weergawe “’n verteenwoordiger [is] van ’n bepaalde groepering in die samelewing om wie se identiteit dit gaan”, waar *Eilande* “daarteenoor eerder te doen [het] met die identiteit van die mens, met die menslike kondisie”. En Twidle (2013:130), natuurlik, wat, soos reeds gesien is in haar vergelyking tussen Sleigh en Brink in hulle benadering tot die geskiedenis, Sleigh juis daarvoor loof dat *Eilande* te onderskei is van die “many recent literary re-imaginings of the colonial Cape [which] project to a disconcerting degree ‘the anxieties and concerns of their contingent political present(s) onto the past’”.²³ *Eilande* is volgens haar juis nié daarop uit om tot die huidige postkoloniale tyd te spreek nie.

Ironies genoeg is die eerste dekade van die 21ste eeu jare van groot intellektuele onmin in die gelede van die “postkoloniale teorie”, ’n “krisis” waaraan ’n menigte kongresse en artikels in die VSA en Europa dan ook gewy word (sien byvoorbeeld Gyssels 2007:151–3; Brians 2006). Hierdie “krisis” is oënskynlik van weinige belang vir *Eilande* se postkoloniale Suid-Afrikaanse resepsie. Dié gaan, uiteindelik, oor die sosiale bevrydingsverwagtingshorison van die tyd, ten minste wat Suid-Afrika betref. Aan die einde van ’n era wat die produk was van ’n lang teëkanting tussen twee nasionalismes, Afrikaner teenoor “African”, die teenoormekaarstelling van “wit” teenoor “swart” tydens apartheid, van ’n Christelike nasionalisme met sy geëgte patriargie, bied postkolonialisme met sy antinationalisme en klem op die hibriede, die “tussen-in”, ’n teoretiese toevlug. Terselfdertyd is postkolonialisme ’n ideologie: “ideas serving as weapons for social interests” (Berger en Luckmann 1975:18). In die ewige spanning tussen die elemente van skewe magsverhoudinge stel postkolonialisme jou in staat om *kant te kies* vir die verontregtes, die onderdrukte, die gemarginaliseerde. Soos Brians (2006) dit stel: “Practitioners [van postkoloniale teorie] generally consider themselves politically engaged and committed to some variety or other of liberation process.” In dié sin is die lees van *Eilande* as

postkoloniale teks ook 'n manier vir kritici om hulle eie bevryding te laat geld, te meer in die konteks van die ingrypende politieke veranderinge van die 1990's en vroeë 2000's.

3. *Eilande*: 'n resepsie van lyding

3.1 *Die logika van wisselwerking of verdubbeling*

Soos in die inleiding genoem, word die resepsie van lyding ondersoek aan die hand van 'n "logika" of meganisme van wisselwerking, wat in sekere gevalle ook 'n verdubbeling is.

Die idee van 'n wisselwerking dui op 'n soort skakel – tussen tekstuele elemente in *Eilande* onderling, maar ook tussen tekstuele elemente en buitetekstuele elemente. Die begrip *inter-tekstualiteit* is hier gepas in soverre die begrip van toepassing gemaak word in die onderlinge spel van die verskillende "stemme" wat aan *Eilande* gestalte gee, en wat inderdaad elk as 'n afsonderlike verhaal gelees kan word.²⁴ Intertekstualiteit, verder, in die "breë" sin. Soos Bassnett (2007:138) dit stel: "Writers draw their inspiration from all kinds of sources, some conscious, some unconscious, some acknowledged, some vehemently denied. All that we, as readers, can do is to see parallels, connections, affinities ..." Die leser, as soeker van skakels, speel in hierdie opsig net so 'n vername rol as die skrywer: "The role of the reader is, of course, vitally important, for the web of connections woven by a writer will be enhanced by the web woven by a reader ..." (Bassnett 2007:145). Hierdie soeke na skakels ("connections") vloei juis voort uit die leser se verwagtingshorison (Bassnett 2007:143).

Wat sou, vanuit 'n lydingsperspektief, die mees voor die hand liggende interteks vir 'n historiese, "stigtings"-roman wees? In Suid-Afrika die Bybel. Dit gaan egter nie in *Eilande* oor die soeke na tekstuele raakpunte of oorvleuelings met die Bybelse teks nie; veel eerder gaan dit oor die lees van Sleigh se roman teen die agtergrond van die breë vertrouwdheid wat sy gemiddelde Suid-Afrikaanse leser van die Bybel sou hê, spesifiek met die Nuwe Testament se figure van verootmoediging. Die Bybel, dus, as 'n sekere kulturele en uiteindelik ook spirituele bron waarby enkele elemente, enkele beelde, van Sleigh se teks aansluiting kan vind.

Om 'n volledige beskrywing van die lydingsresepsie te gee, is dit nodig om die logika van wisselwerking op twee vlakke te behandel: dié van die skrywer (Dan Sleigh) en dié van die verhaal (die spel van gebeure en karakters). Dit is slegs laasgenoemde vlak wat, streng gesproke, deel van die lees van die roman is. Die skrywersvlak hou egter sterk verband met die leesproses en is uiteindelik onmoontlik om daarvan te skei.

3.2 *Skrywerlike verdubbelings*

3.2.1 *Dan Sleigh: loopbaan-historikus / skrywer-op-'n-sending*

"I think of myself as a serious professor who, during the weekend, writes novels." Aan die woord is Umberto Eco, internasionaal beroemde Italiaanse semiotikus wat in 2016 oorlede is (Eco s.j.). Sy grootste roem sedert die 1980's val hom egter te beurt as skrywer – by uitstek van die historiese roman *Il nome della rosa* (1980), ses jaar later deur Jean-Jacques Annaud verfilm as *The name of the rose*, met Sean Connery in die hoofrol.

Dan Sleigh sou 'n soortgelyke stelling kon maak. 'n Onderhoud met Suzette Kotze-Myburgh op RSG se *Skrywers en boeke* in Augustus 2016 is hier insiggewend. Die tyd van die onderhoud is ook van belang, naamlik etlike jare ná die bloeityd van die bevrydingsresepsie waaroor in afdeling 2 verslag gedoen is. In die 14 jaar sedert die publikasie van *Eilande* het Sleigh met 'n hoogs indrukwekkende literêre oeuvre vorendag gekom: eers die gedeeltelik historiese *Wals met Matilda* (2009)²⁵, gevolg deur twee besonder gedugte²⁶ historiese romans, *Afstande* (2010)²⁷ en *1795* (2016).²⁸ Gesamentlik voeg dié romans 'n verdere agt literêre toekennings by die vyf van *Eilande* (Terblanche 2017) en maak van Sleigh een van die mees produktiewe Afrikaanse (Suid-Afrikaanse) skrywers van die eerste dekades van die 21ste eeu. Tog laat Sleigh geen twyfel daaraan dat hy homself as 'n historikus beskou nie. Hoewel die skryf van romans vir hom “lekker” is, is hy, glorie ten spyt, “maar 'n besoeker aan die wêreld van die letterkunde” (Kotzé-Myburgh 2016).

Sleigh se teruggetrokkenheid oor sy skrywerstatus was natuurlik alreeds duidelik in die agterbladnota “*Islands* is his first novel” waarna in afdeling 2 verwys is, en waardeur die feit verswyg word dat Sleigh in die 1970's soveel as agt jeugromans en 'n digbundel die lig laat sien het, afgesien van enkele historiese publikasies in die jare daarna (Terblanche 2017). Sleigh mag self hierdie tekste slegs as “goeie oefening” beskryf (Salzwedel 2017), maar hy was nietemin allesbehalwe die groentjie wat Seger en Warburg voorgee om aan die wêreld bekend te stel. Maar is dit Sleigh wat homself so wou voorstel?

Dié voorstelling van Sleigh as “nuut”, as “maar net 'n besoeker” aan die wêreld van die skrywer – Sleigh, die teësinnige skrywer, want in werklikheid is hy iets anders; hy's 'n historikus – word ook 'n voorstelling van 'n skrywer wat op 'n sending is, wat 'n sekere taak het om te volvoer. Hierdie insig is weer eens tydsgebonden – as't ware by nabetraging, ná die bevrydingsresepsie – en kom duidelik na vore in Sleigh se onderhoud met Ilze Salzwedel (2017) na afloop van die verskyning van *1795*. Alhoewel Sleigh reeds 'n jaar vantevore te kenne gegee het dat *1795* sy laaste roman sou wees (sien Kotzé-Myburgh 2016), is dit veral in hierdie onderhoud dat hy inhoud gee aan die *einde* van sy skrywerskap.

Wat na vore kom in Sleigh se siening van skryf – “om met woorde, frases, sinne en paragrawe 'n verhaal uit eie kennis en verbeelding te bou” (Salzwedel 2017) – is dat skryf 'n soort sending is, 'n sending met nougesetheid en dissipline as die wagwoorde, en wat nou verby is. Hy wys daarop hoe moeilik dit is om lesers se reaksie te peil, en betreur in dié verband die “globale veronnoseling” wat hy met aardverwarming vergelyk (Salzwedel 2017). En waar Brink so triomfantelik die weg aangedui het by Sleigh se toetrede, via *Eilande/Islands*, tot die wêreld van die roman, is hy, ironies genoeg, ook daar aan die einde:

By die Woordfees verlede jaar vra RSG aan 'n verbyganger: “André Brink is pas oorlede. Wat beteken dit vir die Afrikaanse letterkunde?” Die antwoord was: “Wie? Ek het nog nooit van hom gehoor nie.” Hierdie ontugtering sou 'n groot rol speel in Sleigh se besluit²⁹ om sy skrywerskap vaarwel toe te roep: “Ek is klaar. Ek gaan nie vir 'n wiel vol hamsters skryf nie.” (Salzwedel 2017)

Terblanche (2017) gee 'n verdere, besliste, aanduiding van 'n skrywer begeester deur 'n self-opgelegde taak. Sleigh wei uit oor hoe hy “drie jaar lank, nag en dag” aan sy laaste roman, *1795*, gewerk het; 'n werksywer wat noodsaaklik was, want “[e]k kan nie my mense, hul wêreld en al hul omstandighede verlaat voordat hul verhaal gereed was vir publikasie nie.”³⁰ Sleigh het, danksy sy skryfwerk, as't ware *gekom* na die wêreld van sy mense en “hul omstandighede”

ten einde hulle verhaal te vertel; iets wat hy klaarblyklik *moes* doen. Sleigh, die Openbaarmaker. Dié sending hou egter ook sterk verband met Afrikaans, die feit dat Sleigh in Afrikaans skryf binne ’n hedendaagse konteks van verengelsing,³¹ helaas nie te verskillend van dié wat hy beskryf in die bladsye van 1795 nie (La Vita 2016), en waar sy skrywersending tot ’n einde kom.

Eilande merk onomwonde die begin van hierdie sending.

3.2.2 Die historikus en skrywer Sleigh / die botanikus en historikus De Grevenbroek

In die bovermelde RSG-onderhoud stem Sleigh met Kotzé-Myburgh (2016) saam dat die teenwoordigheid van ’n skrywersfiguur ’n kenmerk is van al vier sy romans sedert *Eilande*, en dat sodanige karakter hom “tot ’n mate” in die teks verteenwoordig.³²

“Die klerk”, by name Johannes Guilielmus De Grevenbroek, die laaste van die sewe fokaliseerders (sien Anker 2009), stel homself uiteindelik in besonderheid voor aan die begin van die laaste hoofstuk. Dit is die moeite werd om hierdie bekendstelling breedvoerig aan te haal, want mens herken geredelik sekere elemente daarin van die skrywer, Sleigh, wat in 2016 besluit om die pen neer te lê: ’n sekere afstandelikheid (“Ek was maar net ’n besoeker”), ’n sekere ontugtering, selfs teleurstelling (“Ek gaan nie vir ’n wiel vol hamsters skryf nie”):

Mense vermy hom, vermoedelik omdat hy oud, lelik en geleerd is. Hulle lig die hoed, buig in sy rigting, laat hom verbygaan. Hy vermy mense omdat hulle hom verveel, hy beskou die meerderheid Kapenaars as boers, onopgevoed. Hy het hulle in ’n geskrif genoem “Afrikaanse gedrogte”, en sal dit weer doen; hy gee nie om wat enigeen daarvan dink nie. Hy het sy tydgenote oorleef, en hy is sonder illusies oor die lewe, die geskiedenis of sy eie kennis. (686)

Nes Sleigh, het die klerk ’n leeftyd gewy aan die bestudering van historiese dokumente. Geskiedskrywing blyk egter nie die klerk se oorspronklike projek te gewees het nie, en ook in hierdie opsig is daar ’n ooreenkoms met Sleigh (Sleigh as historikus-skrywer), deurdat daar ’n verwisseling is tussen twee vorme van skryf. Onder die aanmoediging van Hoë Kommissaris Van Reede, voormalige goewerneur van Malabar wat die Malabaarse plantegroei in sy reusagtige, dog ewig onvoltooide *Hortus Malabaricus* beskryf het (sien 704–5), begin De Grevenbroek met sy aanvanklike projek, wat soos volg beskryf word: “Hy wou die *Hortus Capensis* begin, en sy studie van die Kompanjie se eerste vyftig jaar aan die Kaap, met besondere verwysing na die Wes-Kaapse Koina. Sy plan, oor die Hottentotte, was al lank aan groei in hom. Hy sou vra om op ’n landreis te gaan om die inboorlinge te besoek, en plante te versamel” (713). By die herlees van ’n besonder liriese paragraaf in die “voorlopige raamwerk vir die *Hortus Capensis*”³³ kom hy egter tot die besef dat wat hy besig is om te skryf nie, soos hy gedink het, plantkunde is nie, maar iets anders. “Miskien het hy nie die wetenskaplike gawe nie. Hy het begin om homself te ken. Sy gawe was taal” (714).

Taal, dus, die besondere gawe en instrument van die skrywer, en wat De Grevenbroek nou aanwend vir ’n taak wat onmiskenbaar klink soos *Eilande* – of dan ten minste die gedeelte van *Buiteposte* (1993) wat Sleigh, soos Anker dit stel, in *Eilande* “herskryf” het. “Die taak waaraan hy nou werk, is om inligting wat hy gedurende sy loopbaan in Jan Kompanjie [Sleigh: die Kaapse Argiewe] se diens en daarna versamel het, te orden en uit te bou tot ’n geskiedenis van die Kaapse nedersetting se eerste vyftig jaar” (687), met die uiteindelijke doel om ’n *Beeld van*

die Kaap, die eerste halfeeue te skryf (687, 690). Taal wat geroepe is *om iets te doen*, want die skrywer is op 'n sending, soos treffend verwoord in 'n passasie wat al meermale aangehaal is:

Die skraapsels papier waarop hy inligting aangeteken het, meesal haastig neergekrap uit notules, briewe en attestate wat hy as sekretaris amptelik moes gebruik, en wat hy oor 'n tydperk van tien jaar in sy toga se mou huis toe gedra het, het soos gehoorsame soldate voor hom aangetree op die groot donker tafel, wapens gepresenteer vir inspeksie, gewillig om vir 'n opmars en die aanval afgerig te word. Dit was sy doel met hulle: hulle moes 'n vyand vernietig. Nadat hy sy notas op sy tafel en, soos hulle vermeerder, later op sy kamer se vloer gesorteer het volgens krag en gewig, en namate elke manskap sy plek en funksie leer ken het en begin optree, het sy storie vorm gekry. (691)

Voorts vertel die klerk hoe sy verhaal, namate dit vorm aangeneem het, ook sou verander. Van 'n aanvanklike fokus op twee korrupte magsfigure, die opeenvolgende Van der Stelgoewerneurs Simon en Willem-Adriaan, die “skurke van die verhaal” deur wie hy “gegrief” is (691), word laasgenoemdes “weggekrimp op die rol van spelers, tot onder die bediendes en voetsoldate” en word die verhaal dié van nie slegs die Kaap nie, maar van die Kaap “[as] die geverfde toneel agter 'n verhoog waarop 'n bittere komedie gespeel is”, die verhaal van 'n handvol VOC-ondergeskiktes van die buiteposte, 'n verhaal oor die lot van die gewones – 'n verhaal wat *Eilande* word.

Dis ook 'n verhaal waarin die klerk sy eie wroeging te lese bied, naby die einde. Soos Twidle (2013:141) opmerk, kan mens hier Sleigh as't ware sien sukkel, soos ons weet vir so lank die geval was, “with the problem of an ending, of how to draw together the disparate lives that have gone before ...”: “Dit is 'n verskriklike spanning om 'n onvoltooide manuskrip lank op jou tafel te hê. Jy dryf in 'n storm, sonder hulp. Jy skryf nog elke dag verder, verander aan die manuskrip in klein opsigte. Jy moet vorder, jy trap water, jy weet jy moet jou red, en jy weet met tyd word jy swakker.³⁴ Niemand kan help nie, want niemand weet hoe nie. Jou hand skryf in water. Niks bly daarvan oor nie³⁵ (738). 'n Entjie verder, steeds al skrywend by sy tafel, “tel [die klerk] op 'n keer mismoedig die stapel folio's in sy kas. Daar is meer as sewehonderd” (738). *Eilande* beslaan uiteindelik 759 bladsye.

Die verhouding tussen Sleigh en die klerk word ook gesuggereer in die dubbelsinnige aard van die ek-figuur wat aan die woord kom in 'n kort proloog van een en 'n halwe bladsy, “Stemme uit die see” (1), en 'n naskrif, “Erkenning”, van 'n halwe bladsy (757), met ander woorde weerskante van die sewe lang hoofstukke (novelle) wat elk in die derde persoon geskryf is.

In die “Erkenning” doen Sleigh 'n bedanking “aan Helena Scheffler, kultuurhistorikus, talassofiel en vriend”, en erken die tweeledige aard van die boek as letterkunde – “Waar ek [...] feitelike gegewens verander het, was dit ter wille van die leser” – en geskiedenis. Hier is die interessantheid egter dat hy die heel laaste besinning wat flussies, op die vorige bladsy, aan die klerk (se perspektief) toegedig kon word – “So herhaal die geskiedenis hom: die eerste keer as tragedie, die tweede keer as klug” (756) – opnuut ophaal ten einde 'n sekere intellektuele konteks daaraan te gee: “Dat die geskiedenis homself herhaal, die eerste keer as tragedie en die tweede keer as klug, is 'n geestige aanpassing deur Marx, meer as 'n eeu gelede, aan 'n stelling van Hegel, nog 'n eeu vroeër” (757). Tog is die slotbesinning van die hedendaagse skrywer wesentlik dieselfde³⁶ as dié van die historiese karakter. Heel aan die einde van die De Grevenbroek-hoofstuk (“Die klerk”) lees mens: “Een sirkel word die volgende, niemand merk dit op nie. Die groot see stroom voort en verander nie. 'n Mens word 'n skip, skepe

word mense. 'n Mens word 'n eiland, eilande word mense. 'n Mens word 'n ark, 'n toevlug in die wye ruim" (756). Onmiddellik hierna, Sleigh in die Erkenning: "Die waarheid is veel ouer [as die geskiedenis]. Daar is geen geskiedenis nie, anders as die ontleding en vertolking van dokumente, 'n soektog na oorlewendes in eindelose ruimte" (757).

Die ek-figuur aan die begin is egter nie Sleigh nie, maar die klerk, die laaste van die sewe "stemme uit die see" (fokaliseerders) wat homself soos volg identifiseer: "Sewe van ons, of minstens sewe, het van voor haar geboorte tot na haar dood dieselfde vrou in die hart gedra"; "Ons was soldate, 'n beeswagter, matrose, 'n klerk [...]". Enkele reëls verder sal hy homself pertinent onderskei: "En ek, die klerk [...]" (1). 'n Verdere aanduiding van die verskil tussen die "ek" van die historiese klerk en dié van die hedendaagse historikus-skrywer is die feit dat die "sewe" waarna hier verwys word, nie by die een en ander heeltemal dieselfde is nie. Die "sewe wat ek ken" na wie die klerk verwys, word voorgestel as "haar pa, Peter Havgard", "Hans Michiel, die soldaat voor wie sy grootgeword het", "Bart, die visser", "advokaat Deneyn", "die kuiper Daniel Zaaïman wat haar getrou het tot die dood", en dan "Jan Vos, soos 'n slaaf oor arbeid geboë, en moontlik Sven Telleson, laag gebore en deur drank verwoes" (1). Laasgenoemde twee figure is, alhoewel hulle in verskeie hoofstukke op die toneel verskyn, egter nie onder die "sewe" wat logieserwys as fokaliseerders dien vir die sewe hoofstukke van Sleigh se roman nie, waarvan die eerste hoofstuk inderdaad "Chief Harry", oftewel Autshumao, leier van die Goringhaicona, as fokaliseerder aanbied (en na wie daar slegs 'n skramse verwysing is heel aan die einde van die proloog: "Ook Autshumao roep uit die see"). Hierdie verskille in die ek-perspektief nieëtaande, is die klerk se filosofiese besinning aan die einde van die proloog – "Eindelik die see, die groen vrugwater waarin ons dryf" (2) – geredelik terug te vind in Sleigh se "eindelose ruimte" in die Erkenning.

Die klerk se deelname aan die skrywerstaak kom egter die beste na vore in die verskeie geleenthede waar hy inbreuk maak in die narratief in die vorm van tweedepersoon-tussenwerpsels oënskynlik aan die leser gerig. Twidle (2013:137) verwys hierna as 'n "ghostly, scholarly presence", wat as't ware by nabetrugting, wanneer die leser die fokaliseerder in hoofstuk 7 met die ek-figuur in die proloog in verband gebring het, dui op die klerk De Grevenbroek.³⁷ Hierdie narratiewe *stem* kom hier en daar, onegalig, in die teks voor. Dit tree op as 'n soort begeleiding tot wat vertel word, soos 'n voordraggewer wat spontaan van sy voorbereide teks afwyk deur middel van 'n persoonlike inset om sy gehoor daaraan te herinner – en so hulle aandag te verskerp – dat hy een of ander spesiale insig het wat nie noodwendig in die voorbereide teks is nie.

Die jy/julle-toetredings neem hoofsaaklik twee vorme aan.³⁸ Mens onderskei die toetreding in informele gesprekstal wat klaarblyklik daarop staatmaak dat die verteller en die leser (hoorder) as't ware in mekaar se teenwoordigheid is; daardeur verkry dit 'n sekere oorredingswaarde:

- Dit is bekend, *hoor*, dat nie net die diere uit grafte gevreet het nie. (288, my kursivering)
- *Kom hou 'n groepie kaartspelers dop* in die kaserne van die Fort de Goede Hoop, in die jaar van genade 1672. (381, my kursivering)
- *So staan dit daar*, in sy [Deneyn se] skrif. (397, my kursivering)

Daarbenewens is daar ingrepe, gewoonlik steeds in 'n orale register, wat een of ander insig – histories, meer bepaald ironies, sarkasties of sinies – aan die leser bied:

- Dit was die egte Hans, tot die bitter einde 'n belowende man – na Hans “[e]k belowe, my heer” antwoord. (292)
- Die kwaliteit van die raadsekretarisse en – *laat dit hiermee openbaar word* – van kommandeurs en goewerneurs van die tyd, blyk daaruit [die feit dat die dokumente van die Kaapse Politieke Raad vol foute was!]. (306–7, my kursivering)
- Sy [Mary, die dogter van die korrupte goewerneur van Mauritius, Hubert Hugo] skryf die naam [van Philipe Col, haar beminde] Fieleep. *So gaan dogters skool*. (462, my kursivering)
- “Ag hemel, hoe kom die mens [Philipe Col] so laag verneder?” – nadat hy sy brief aan Deneyn eindig met “Uw slaaf”. (458).

Hierdie voorbeelde illustreer natuurlik in 'n mate De Grevenbroek se eksistensiële ontugtering, wat reeds hier bo opgemerk is. Partykeer is daar egter ander aksente ook. Die klerk se persoonlike ingrepe in die teks is veral waarneembaar in die vyfde hoofstuk, “Rooidag”, wat sentreer rondom die omstrede – en uiteindelik besonder wrede – advokaat met bloed aan sy hande, Deneyn. Ten minste waar dit oor Deneyn handel, neem die tweedepersoon-toetredings 'n meer kritiese (satiriese) aard aan, deurdat die kommentaar amper dié van 'n soort hofnar is wat deurgaans met die verwaande en selfbehepte Deneyn die spot dryf. Ek volstaan met 'n enkele voorbeeld:

Waarom die see vir Deneyn hier uitgespoel het, is geen geheim nie. Dit was oor die noodlottige ongeluk aan die dienaar wat vóór hom fisikaal was [Cornelis de Cretser van Culemborg, wat land-uit moes vlug nadat hy 'n skipper in 'n tweeveg doodgesteek het]. (382)

Die idee van “die Kaap [...] [as] die geverfde toneel agter 'n verhoog waarop 'n bittere komedie gespeel is” wat ons vantevore opgemerk het, kom ook gereeld in Deneyn se “teatrale” uitbeelding na vore:

- En hier stap advokaat Deneyn op die verhoog, met sy rottang onder die arm, word ons vertel. (382)
- Agter alles, soos die toneeldoek agter 'n verhoog, staan Tafelberg. (385)

Al hierdie ingrepe van die verteller, krities, maar ook deurspek met ironiese betersweterigheid, dui op die fyn wisselwerking tussen die ontugterde, enigsins siniese, geskiedenisrywer De Grevenbroek, en die hedendaagse historiese navorser en skrywer Sleigh. Maar dit bly nie net by ironie nie. In die volgende gedeelte word daar aangetoon hoe hierdie tweedepersoon-toetredings ook 'n belangrike rol speel wat die lydensfiguur Pieterella aanbetref.

3.3 *Tekstuele verdubbelings*

3.3.1 *Eva / Pieterella / die Madonna*

Van die twee “liminale” vrouekarakters in *Eilande* is dit die dogtersfiguur Pieterella (ook Pieterel) wie se lewe op die mees deurlopende manier behandel word. Na haar geboorte, wat plaasvind in die hoofstuk wat handel oor haar pa, “Peter Havgard” (152), is daar enkele verwysings na haar kinderjare in die hoofstukke oor Bart Borms (“Die visser”) en Hans Michiel

Callenbach (“Die poshouer”). Voorts verskyn sy meer gereeld in die hoofstuk oor fisikaal Deneyn (“Rooidag”), veral in die laaste bladsy, waar Deneyn, na Eva se dood en sy afhandeling van haar boedel (492), probeer om met haar ’n verhouding aan te knoop. Piernella se volwasse lewe – haar verhouding en huwelik met Daniel Zaaizman, haar lewe saam met hom in Mauritius – word hierna volledig uitgebeeld in die hoofstuk wat handel oor Zaaizman, “Sapitahu”. Na sy en haar gesin teruggekeer het na die Kaap, is daar ook verskeie verwysings na haar in die laaste hoofstuk, “Die klerk”, waarin sy uiteindelik ’n sleutelfiguur is, juis met betrekking tot die lydingsresepsie.

Naas Piernella (voor haar) staan haar ma, Eva, oftewel Krotoa in die Koina-benaming. Sy verskyn as sesjarige dogtertjie wat in die sorg is van haar oom, Autshumao (3), leier van die feitlik uitgewiste Goringhaicona en fokaliseerder van die eerste hoofstuk, “Die andersmaak van Chief Harry”. Dit is hy wat haar aan die kommandeur Van Riebeeck se huishouding besorg: “As Evatjie wil, kan sy hier woon. Sy sal by ons tafel eet” (25). Die jong meisie se verdeeldheid as noodgedwonge bemiddelaar – kinderoppasser in die Van Riebeeck-huis, vertroueling van Van Riebeeck én Autshumao, tolk tussen Hollander en Koina – word reeds op die spits gedryf wanneer sy Autshumao dit bitterlik verwyt wanneer hy, ironies genoeg in ’n oomblik van groot persoonlike triomf (sy “andersmaak”), daarin geslaag het om ’n groot trop beeste en skape van die Hollanders te buit en hy haar gevolglik dwing om saam met hom en die Koina van die Kaap te vlug (53–4). Dit is egter veral in die ontwikkeling van haar verhouding met die fokaliseerder van die tweede hoofstuk, Peter Havgard, dat Eva se lewe belig word. Te midde van erge konflik en geweld tussen die Hollanders en die Koina, waarin sy toenemend nie net deur die Koina nie (sien byvoorbeeld bladsy 106), maar ook deur Van Riebeeck (sien byvoorbeeld bladsy 113) gewantou word, word sy die eerste Koina-vrou wat gedoop word en met ’n Europeër in die huwelik tree, aanvanklik heeltemal teen haar sin. Piernella, kort voor haar troue met Havgard gebore, is dan ook hulle eerste kind.

Dit is min of meer op hierdie punt dat Eva se lewe begin uitrafel. Na afloop van ’n groot “suipery” waarna Van Riebeeck die Koina-hoofmanne uitgenooi het ten einde hulle guns te wen (“Die Koina sterf vandag,” sou Gogoso, een van die leiers, daarvoor sê), toon sy haarself nog besorgd oor die moontlikheid van vrede tussen die twee groepe (137). Kort daarna, net voor die geboorte van Piernella, merk Havgard egter “hoe Eva los raak van Van Riebeeck en sy vrou, die gewoontes, die hoflike taal van die groot huis, en die godsdienste wat sy daar geleer het. Sy het meer gedrink, en soms gevloek. [...] Soms wou sy net die Koina-taal praat, met hom en al die ander. Hy het vermoed dat sy Van Riebeeck se guns verloor het. Sy was nou alleen tussen vreemdelinge” (151).

Hierdie oënskynlike verwerping van die “tussen”-posisie wat sy tot op daardie stadium so waardig, so gedwee, sou inneem, is enersyds ’n verwerping van taal – van nou af praat sy Koina eerder as Hollands, en haar spraak is nie meer hoflik nie, maar gekenmerk deur vloek en skel. Andersyds is dit ’n verwerping van haar kinders, insluitend Piernella. Oorgegee aan drank en prostitusie, verwaarloos Eva hulle so gruwelik dat hulle in pleegsorg geplaas sal word. En sy verdwyn grootliks uit die roman. Voortaan sal sy slegs figureer wanneer verskillende manlike karakters, hoofsaaklik die visser Bart Borms (sien byvoorbeeld bladsy 249), die slaaf Jan Vos en poshouer Hans Michiel (sien byvoorbeeld bladsy 315) en die advokaat Deneyn by haar besoek aflê, met die hoofdoel om sorg aan die kinders te gee. Een so ’n besoek, wat Hans Michiel en Deneyn op Robbeneiland by haar aflê, is tekenend van die “gevalle” Eva (Samuelson 2005:31), wat ook ly aan “Engelse siekte”: “Ek het nooit sê gehad oor my kinders nie. [...] Vat weg as jy lus het. Dit is mos Jan Kompanjie se kinders. Alles is mos syne. Vat, en

voertsek” (404). Soos Samuelson (2005:32) dit stel, “[H]er significant act [die geboorte van Piernella] having been completed, ‘Eva’ both fades from his [Havgard se] concerns and from the novel’s plot, although she continues to erupt into it, spewing curses.”

Samuelson (2005:i) bemoei haar met die vroulike liggaam as die bestrede ruimte (“contested site”) waarop “nationalism erects its ideological edifices”, in hierdie geval ’n spesifiek Suid-Afrikaanse “rainbow”-nasionalisme op soek na ’n soort verenigende allegorie gebaseer op die herinneringe (of eerder *her-inneringe?* – “remembering”/“dismembering”) van ’n vroulike historiese figuur. Eva (“Krotoa-Eva”) staan in hierdie verband voorop.³⁹ Samuelson (2005:12) lees uit die aard van haar argument Sleigh se *Eilande* binne wat sy bestempel as “post-1994 revisionist historical accounts” van Krotoa-Eva. Kom ons stel die omstrede kwessie van die post-1994 *skryf* van *Eilande*, waarvan, soos ek reeds aangevoer het, die status van ’n postapartheid, “nuwe Suid-Afrika”-roman eintlik toevallig is, ’n oomblik ter syde. Die vraag of Sleigh se voorstelling van ’n vrou in *Eilande* sou kon strewe na ’n soort mitologies-kollektiewe moeder van die “reënboognasie”, hoe naïef, ten minste postkolonialisties gesproke,⁴⁰ so ’n versugting dan ook mag wees, is nie sonder belang vir die lydingsresepsie nie.

Nou is die vraag egter: Watter vrou? As, soos ek reeds aangedui het, die ek-figuur in die proloog, “Stemme uit die see”, ’n sekere dubbelsinnigheid toon, geld dieselfde in ’n mate vir die vroulike “sy”-figuur. “Die sewe wat ek ken, was haar pa, Peter Havgard, en na hom Hans Michiel, die soldaat voor wie sy grootgeword het,” stel die klerk dit aan die begin van die tweede paragraaf (1). Duidelik: Piernella – en wat sou saamhang met haar uiteindelik groter prominensie in die verhaal. Tog lees ons, reeds in die openingsreël, dié *sewe* “het van voor haar geboorte tot ná haar dood dieselfde vrou in die hart gedra (1, my kursivering), ’n gedagte wat ’n halwe bladsy later herhaal word: “Ek het dié uitgesoek wat haar gedra het in die hart, van voor haar geboorte af tot ná haar einde” (2). Is die *twee* vroue wat logies teenwoordig is in “van voor haar geboorte” – die eerste, die ma, weliswaar by implikasie ten opsigte van die daadwerklik gestelde dogter wat gebore is – nie uiteindelik één (vroulike) figuur nie, die een wat verdwyn het – maar terselfdertyd verdubbel – in die ander?

So ’n idee sou klaarblyklik min byval vind by Samuelson. Aan die een kant spreek sy waardering uit vir die feit dat Sleigh Eva-Krotoa se “historical agency” herstel deur haar nie, soos byvoorbeeld Brink in *Houd-den-bek*,⁴¹ daarvan te ontnem om te praat nie. Sleigh laat Eva-Krotoa telkens luidkeels en onbeskaamd uitvaar teen al die pogings om haar, na die geboorte van Piernella, te domestikeer as ’n “good mother” (Samuelson 2005:35), en haar sodoende in te lyf as “moeder van die nasie”. “Sleigh self-consciously foregrounds [...] the desire to domesticate Krotoa-Eva, and laudably resists it,” skryf Samuelson (2005:32). (Daarbenewens is Eva allesbehalwe ’n gehoorsame, insiklike vrou: “Loop. Loop agter jou hoer [die see] aan,” voeg sy Havgard toe tydens ’n rusie wat in wedersydse bloedige geweld sal eindig – 206). Tog, soos reeds aangedui is, tree Eva as skellende rebel al hoe minder na vore in Sleigh se intrige: “[U]nable to reconcile voice and womb, it banishes her [Krotoa-Eva] as originary mother” (Samuelson 2005:30). Uiteindelik, argumenteer Samuelson (2005:29), “Sleigh’s Krotoa-Eva must be displaced as ‘rainbow’ mother, and the desires of ‘rainbow’ nationalism are accordingly transposed onto her demure daughter, Piernella.”

Die dogter is inderdaad meer terughoudend, meer fatsoenlik, as die ma. Die rede hiervoor is egter vroeg duidelik: Sy kan nie soos haar ma wees nie, vanweë ’n *vrees* wat ten minste aanvanklik voortspruit uit haar kennis van Eva se rampspoedige verhouding met die man wat haar pa was, ’n Europeër. Wanneer haar pleegouers se seun, Pieter, op haar verlief raak,

doen laasgenoemde se ma stappe om die verhouding te ontmoedig; tydens 'n gesprek met Deneyn (wat ook in haar belangstel) verwerk 'n twaalfjarige Pieterella die situasie in die volgende terme: “Sy is bang ek sal haar enigste kind se toekoms verwoes. Soos my pa my ma verwoes het, en my ma daarna haarself. Sy is bang vir my” (511–2).

Uiteindelik trou Pieterella wel met 'n Europeër (Daniel Zaaijman), maar ver weg van die setel van haar ma se lewe, in Mauritius. (Eva, daarenteen, was “minagtend” toe Peter Havgard die voorstel maak dat hulle as gesin Mauritius toe verhuis – 185). In Mauritius ontferm Pieterella haar oor haar kinders, wat sy al vier⁴² leer lees en skryf (680). Anders as die opstandige en uiteindelik selfvernietigende moeder laat die dogter haar haar liminale lot – onderdanige lot – oënskynlik welgeval. Waar sy weliswaar as “sterk” voorgestel word, is dit merkbaar vanuit haar man, Daniel, se perspektief: “En die gevoel het stadig in die maande daarna by hom opgekom, dat hy nie meer skipper-alleen was nie. Daar was 'n tweede hand aan die roer” (571) lees ons kort nadat Pieterella haar intrek by Daniel geneem het. Baie jare later verwonder hy hom oor Pieterella se selfvertroue (“sy was nie langer besorg oor geboorte nie, nie meer skrikkerig vir siekes nie, het nie meer oumense vermy nie, was nie meer bang vir lyke nie” – 628), is hy “trots op haar manier van doen”, dink hy “Sy moes oud, oud gewees het om soveel krag te hê” (629).

“*Islands* reveals explicitly what is implicit in *Imaginations of sand* and *Krotoa-Eva*:⁴³ that woman in the national imagination can be either womb or voice, mother or speaking subject, but not both.⁴⁴ Thus, the nationalist project, in which women are cast as mothers, depends on a silencing of their voices” (Samuelson 2005:41). In hoe 'n mate Samuelson se post-1994 “volksmoederprojek” werklik van toepassing kan wees op *Eilande*, is, soos reeds te kenne gegee, debatteerbaar. Teenstrydig met Samuelson se siening van die botweg “demure” Pieterella, verkry laasgenoemde egter wel mettertyd, benewens haar baarmoederskap, 'n stem – en veral 'n beeld.

Hier moet teruggekeer word na die klerk – historikus, maar eindelik ook die skrywer. Dit is deur hom – en ook in die hoofstuk wat sy titel dra – dat Pieterella se teenwoordigheid die sterkste deurslaan. Van al die karakters is sy die naaste aan hom. Uiteindelik, soos dit sal blyk, is sy is ook die naaste aan die leser.

Ironies genoeg word Pieterella se stem in die eerste plek “gehoor” in haar stilte, deur wat hier bo die verteller se “tweedepersoon-toetredings” genoem is. Hierdie toetredings verskyn betreklik laat in “Satipahu”, waar dit as't ware sekere gebeure tydens Pieterella en Daniel se Mauritiaanse bestaan aanmerk, en is geleë in die herhaling van 'n enkele vraag: “Onthou jy, Pieterel?” Die heel eerste van hierdie toetredings, kort na die dood van die langdurige vertroueling Sven, destyds ook 'n vriend van Peter Havgard, Pieterella se pa (“Onthou jy nog vir Sven, Pieterel?” – 628), kan miskien nog aan die eggenoot, Daniel, se bewussyn toegeskryf word. Hierna is die toetredings egter onmiskenbaar dié van die verteller, as't ware tekstuele bakens by die geleidelike agteruitgang van dié eens suksesvolle buitepos: vanaf die verwoesting van twee feitlik opeenvolgende orkane aan die begin van 1690 (659) en die toenemende moeilikhede, sowel persoonlik as administratief,⁴⁵ van goewerneur Lamotius, wat tot sy ontslag en later tot sy gevangenskap op Batavia gaan lei (651, 652, 666, 670), tot die nedersetting se gewelddadige, chaotiese vernietiging deur die “welbedagte, stil” goewerneur Momberg (684) en Pieterella en Daniel se uiteindelijke vertrek terug Kaap toe op Kersdag 1709 (685). Die refrein word met toenemende dringendheid herhaal en is inderdaad die hoofstuk se heel laaste sin: “Onthou jy, Pieterel?” Pieterella antwoord glad nie, maar sy word hierdeur meer as net

'n karakter in 'n verhaal; dit is of sekere historiese herinneringe van hierdie ongeveer laaste 20 jaar van die Nederlandse Mauritius – die “onthou” – nie *van* haar spreek nie, maar *tot* haar, selfs *deur* haar. En die aansien wat hierdie tweedepersoon-aanspreking aan Pieterella verleen sal – ten minste momenteel – op die spits gedryf word in die openingsin van die laaste hoofstuk, óók in die tweede persoon, nou gerig aan die leser: “*Lectori Salutem!* U sien die klerk [...]” (686). Of is dit Pieterella wat in hierdie oomblik die leser is?

“Die klerk” handel grootliks oor De Grevenbroek se persoonlike verlede en sy administratiewe poste aan die Kaap, waarin die politieke en ekonomiese geskiedenis van die Kaapse buitewereld van die laat 17de, vroeë 18de eeu (die opkoms van Stellenbosch, die “verdwyning” van die Koina, die korrupsie van die opeenvolgende goewerneurs Van der Stel) ingewef is. Pieterella is deel van hierdie geskiedenis. Deur haar seun Pieter verneem De Grevenbroek hoe sy en haar man, terug in die Kaap, verarm het en 'n erg verlaagde status beklee: “'n wit Hottentot, dit was 'n goeie grap”; “dit was halfnaatjie en die baster en die wasmeid” (743). Daar is spesifieke besonderhede wat herinner aan Eva se opstand: Weens die vernedering wat sy daar voel, wil Pieterella nie meer kerk toe gaan nie (743); uit trots weier sy dat Daniel by die kerk om armsorg vra (746). Uiteindelik is sy en haar man Daniel van die eerste slagoffers van die pokke (737, 755).

Maar Pieterella het ook haar stem verhef. Dit volg wanneer die verteller, verdiep in die intriges van die Kaap (die onsuksesvolle selfmoordpoging van Willem Adriaan van der Stel se vrou – 719–20), skielik aankondig: “Ons gaan eers terug, Mauritius toe, want dit is Paasnag, twee en dertig jaar gelede” (720). 'n Uitsonderlike narratiewe wending wat inderdaad, vir die volgende paar bladsye, van Pieterella die uitsluitlike fokaliseerder van die verhaal maak. Sy is swanger, en alleen by die huis saam met haar kinders wat die hele dag kaal geloop het weens die hitte. 'n Onbenullige feit, miskien, maar wat tog vir die leser hulle ouma Krotoa in die geheue roep, wat juis “Eva” genoem is – deur die gestrande *Nieuwe Haerlem* se kok – oor “sy meesal kaal geloop het” (15). Pieterella, beangs, onthou vanaand juis die Koina, hulle *harubis*-huise, hulle spook, *hei-nun*; sy gee selfs, teen haar betewete, voor “dat die Koina gelukkiger is as die wit man” (721). Tog versuim sy nie om te vertel van die nag se Christelike betekenis nie: “[D]it is die nag toe die Jode ons Liewe Heiland tussen sy dissipels uit gevat het om hom te kruisig” (720). Dit is egter ook die nag, so weet sy weens 'n vertelling van die voormalige goewerneur Hugo, wanneer wyfieseeskilpaaie, danksy die hoë gety, in groot getalle op strande in die Indiese Oseaan uitloop om hulle eiers te lê, maar dan deur groepe mans (“[d]an storm julle veertig, vyftig man sterk” – 722) omgedop en, hulpeloos, doodgesteek en geslag word. “In alle tale wat om hierdie kuste gepraat word, noem hulle dit die nag van die dood van die ongeborenes. Al die volke loof die Here vir hierdie nag” (722). Die bo aangehaalde “julle”, besef die leser, is nie die verteller se tweedepersoon-toetreding nie; dit is die fokaliseerder Pieterella self, wat haar man beskuldig, want hy het meegedoen aan die moord. Dit lei tot die oomblik van Pieterella en Daniel se grootste konflik, dit is vrou teen man:

Sy sê: “Waarom vermoor julle die ongebore diere?”

Hy sê: “Ons moet eet. Een se dood is die ander se brood.”

“Dit is 'n leuen,” sê sy in sy gesig. “Ek verag jou spreekwoorde. Watter reg het jy om dit vir my te sê?” (723, my kursivering)

Die “skellende” Eva het mettertyd haar aangeleerde taal, Hollands (Afrikaans?) verwerp. Die ingetoë, “demure” Pieterella “verag” haar man se verontskuldigende rasionaliserings. Is haar woede hier nie van dieselfde aard as Eva s’n nie? Tog is hierdie uitgesproke woede juis die woede van die moeder, die boonop swanger moeder, van moederskap self, wat in Pieterella se (Koina-) identifikasie met die doodgeslagte seeskilpadwyfies alle grense oorskry. Die noodwendigheid wat Samuelson aan die hand van Eva illustreer, van die vrou wat vernietig moet word as moeder ten einde haarself uit te kan spreek as vrou, word opgehef in Pieterella, wat juis as moeder die man se spreuke teëstaan.

Dit bring my terug by die vraag of die twee afsonderlike historiese figure Eva en Pieterella nie eintlik “verdubbelings” van mekaar is nie, en in die resepsie van *Eilande* as een vroulike figuur gesien kan word. Die besorgdheid met die aanwys van ’n simboliese “oermoeder” waarvan Samuelson verslag doen, speel natuurlik die een teen die ander af. Sleigh doen dit nie. Ironies genoeg is dit juis Samuelson wat dit op ’n manier bevestig wanneer sy in ’n voetnota die volgende rapporteer: “Sleigh’s investment in Pieterella [as moeder van die reënboognasie] is evident beyond the pages of the novel in the following [comment] by Dalene Matthee ...” Voorts verduidelik Samuelson hoe Matthee, wat gretig was om oor Eva te skryf, gevoel het “[e]very time I start, she dies under my hands.” Matthee bel toe vir Sleigh, wat haar dié raad gee: “[Y]ou won’t get it right if you don’t first look for Eva’s daughter” (Samuelson 2005:29–30).⁴⁶

Matthee het uiteindelik self ’n historiese roman geskryf, nie met Eva nie, maar met Pieterella as die titelkarakter (Matthee 2000), dog Sleigh se opmerking bly interessant: Wil jy by die ma uitkom, gaan jy deur die dogter. Hierdie gedagtegang is uiteraard reeds te bespeur in die klerk se “[die] wat haar gedra het in die hart, van voor haar geboorte af tot ná haar einde” waarna vroeër verwys is en wat heel aan die begin van die roman voorkom. Dieselfde idee kom weer eens na vore in “Die klerk”, dié keer na aan die einde.

Weliswaar spreek die klerk hom nie hier uit oor Pieterella of Eva nie, hy spreek hom uit oor “die Madonna”, afgebeeld in hout, klei of skildery, wat hy op al sy reise teëgekomp het. Die passasie is die moeite werd om breedvoerig aan te haal:

Wie was sy, dié arme dogter sonder ’n spoor van vrolikheid op haar gesig, wat afgebeeld hang in alle uithoeke van die beskaafde wêreld? Sy lyk asof sy iets belangriks wil sê, maar beveel is om te swyg. Waar het sy grootgeword, wie was haar ouers, hoe het haar familie hulle brood verdien? Het sy nie vriende en vriendinne nie? Waar is hulle? Sy lyk eensaam, ongelukkig. Wie praat namens hierdie vrou? (697)

Natuurlik wou hý namens haar praat: “In sy ernstige, romantiese hart het hy verplig gevoel om iets te doen vir die jong dame in haar moeilikheid, en soos monnike en wit ridders voor hom, het hy sy diens aan haar gewy. Maar hy kon niks vir haar doen nie” (698). Treffend, ten slotte, is die feit dat dié uitgebeelde vrou, hoewel vasgevang in ’n ewige jeug – kind, dus: “’n kind sonder skuld en sonder stem, sonder aandeel of inspraak in die lot wat vir haar bestem is” – terselfdertyd ook moeder is: “Sy sterf, gevang op twaalf of dertien, gebind aan die lyk van haar kind” (698).

Hierdie uitspraak van die klerk is in wese presies dieselfde as dié wat hy in die proloog gemaak het, en waarin die ongenoemde vrou wat deur die “sewe” in die hart gedra is – Eva/Pieterella –

sonder meer, asof in die verbygang, in verband gebring is met 'n (op daardie stadium nog) ongenoemde Madonna:

En ek, die klerk, wat nie kan verduidelik hoe ek oor haar voel nie. Dit is net verlange, maar verlange is 'n sentiment, 'n droom, en kan nie liefde wees nie. Hoe sal een soos ek weet? Ek staan voor 'n beeld van 'n vrou en vra: Wie was jy? Ek gaan op reis, vind nog 'n beeld van dieselfde persoon deur 'n ander geskilder, en vra weer: En jy? Voor my lê nog 'n pad, nog 'n brug, nog 'n herberg met 'n bidkapel, weer dieselfde beeld, weer die vraag. (2)

Vrou van aanbidding, gewyde vrou; tog – so sal dit in die klerk se latere mymeringe blyk – nie ontdaan van erotisme nie: “Die *madonna* van hout of klei [...] was die enigste vroulike beeld wat hulle [die klerk en sy “ander broeders”] sien vir maande, maar lewend en warm in hulle gedagtes wanneer hulle in die bidstoel kniel of snags op die kaal planke van die kooi lê, want 'n man bly 'n man [...]” (697).

Hierdie verdubbeling van Eva/Pieterella in die beeltenis van die Heilige Maria (wat dieselfde sou wees as die verdubbeling van Pieterella in 'n Heilige Maria, tegelykertyd ma en dogter) word uiteindelik bevestig in die intrige van die roman. De Grevenbroek ontvang Pieterella en Daniel se tweede seun, ook Daniel, by sy huis, met die doel, onder andere, om vir hom enkele meubelstukke te wys wat hy by 'n vendusie gekoop het en wat vermoedelik van Pieterella en Daniel se huis in Mauritius afkomstig was. “In sy kamer wys hy hom die meubels. Die seun knik na die kas, knik na die *katil*, knik na die tafel” (737). Dit is egter nie die meubels wat die seun se aandag behou nie, maar De Grevenbroek se *madonna*. Terwyl sy oë op die afbeelding rus, “draai [hy] sy kop asof hy na iets luister, maar sê niks” (737). Nes die klerk, weet die leser oombliklik watter vrou in die seun se gedagtes is.

Pieterella, dogter van Eva-Krotoa, neem in *Eilande* die lydingsbeeld aan van die sentrale vroulike figuur in die Christelike simboliek, die Madonna, moeder van Jesus. Lydingsbeeld wat reflekteer in dogter én moeder, en sodoende Eva-Krotoa en Pieterella in dieselfde historiese en spirituele rol inlyf.

3.3.2 Die Jesus-figuur

3.3.2.1 Die getal twaalf: Autshumao en Hans Michiel

Die simboliese waarde van die “perfekte” (Bullinger 1921) getal twaalf is, via die Bybel, deel van die gemiddelde Westerling se kultuurerfenis. So ook die getal sewe wat, hoewel dit minder in *Eilande* voorkom as twaalf (sien 177, 216, 402, 525), tog onmiddellik opval in die reeds aangehaalde openingsreël: “Sewe van ons, of minstens sewe, het van voor haar geboorte tot na haar dood dieselfde vrou in die hart gedra” (1). Daar word egter baie getalle buiten twaalf en sewe in *Eilande* genoem, en die *uiteindelike* vermoede dat minstens sekere voorkomste van dié getalle nie blote (historiese) toeval is nie en gevolglik 'n bepaalde simboliese waarde mag aanneem, is reeds 'n vermoede wat 'n tuiste in die lydingsresepsie vind.

Hier volg 'n betreklik volledige lys (sewe!) van “twaalf” (mense of voorwerpe) in die teks van 757 bladsye:

- Autshumao [...] het oor die twaalf mense gekyk en gedink hy het hulle nooit gevra om hom te volg of gedreig om hom te gehoorsaam nie. (4)
- Hy [Bart] het geweet wonderwerke gebeur. Hy het dit met sy eie oë beleef. Op die Kompanjie se galjoot in Saldanhaabaai, die tyd toe Van Riebeeck daar baas was, het hy gesien hoe 'n Bybel met die sleutel van 'n skepskis in, voor die oë van twaalf vergaderde maats omdraai toe 'n sekere naam gesê word. (221)
- Eers was daar die vloot soos nooit tevore nie, die sogenaamde Bittervloot. Dit was die grootste en mooiste skepe wat Bart nog bymekaar gesien het. Daar was twaalf van hulle [...] (266)
- Hans het stil [na die prins] geluister. [...] Oor die begeleiding van die twaalf gevangenes was hy nie bekommerd nie. Waaroor sou hy hom bekommer? Hulle was gewone mense, en hy 'n gewone korporaal. (293)
- Soos die meeste het hy [fiskaal Cornelis de Cretser] begin as soldaat, en was in die ontdekkingstyd 'n gereelde landsreisiger en goeie kameraad. Die dag toe Piet Roman deur die olifant doodgetrap is, het hy vir Roman in die veld 'n testament opgestel. As getuienis van een hoofknik in die geurige bossieveld agter Meerhofskasteel het al twaalf die kamerade daar in die veld hulle name onderaan geskryf [...] (383)
- “Ons [Bart is aan die woord] is omtrent twaalf boere. My heer sal hulle name op die brief sien.” (522)
- “Ou vriend,” sê [Adam] Tas [aan De Grevenbroek]. [...] “Kom ons twee koop 'n klompie greinhout en skroewe, en ons huur jou man [Pieter Zaaijman] om vir ons twaalf en 'n half deeglike doodkiste te maak, van die soort met die spits dakkie, sodat as 'n man opspring by die basuingeskal, hy nie sy nek breek nie.” (739)

Dit is onnodig om in besonderhede op die hier bo aangehaalde voorbeelde in te gaan. Uit die aard van die saak hang die moontlike spirituele betekenis van die “twaalf” (eerder as dat dit bloot toevallig is) nou saam met die leser se behoefte om *Eilande* te lees as iets meer as 'n “mikrogeskiedenis” (soos Twidle) wat kritiese insigte bied in die postkoloniale strydvrage van postapartheid Suid-Afrika (soos Anker, Du Plooy en andere – nieteenstaande uiteindelijke toegewings aan die roman se “universele” menslikheid). Die betekenis van twaalf (of sewe) staan nie alleen nie, maar ontwikkel in wisselwerking met ander elemente. Die geneentheid om 'n spirituele inslag in *Eilande* raak te lees, kan byvoorbeeld ook beloon word wat die roman se prosodie betref. Vergelyk in hierdie verband die amper Bybelse aard van die volgende frases met betrekking tot die herhalende gebruik van die voegwoord “en”, juis opvallend in die beskrywings van die egpaar Daniel en Pieterella:

- Vir die eerste maal het hy haar in sy arms getrek en gesoen, en hy was verbaas oor hoe sag haar mond is, en hoe sy hom daar vashou en teen hom wil bly. (576)
- En in die baaitjie by hulle riviermond het hy [Daniel] gesê: “Hier bly ons.” En dit was so; hulle het tot die einde daar gebly. (662)
- God het hulle [Daniel en Pieterella se] huis geskud, en van nou af is dit afdraand, en hulle albei sterwe langsaam, langsaam maar gewis. (679).

Hierdie aanhalings spreek van toevlug, berusting en lyding, begrippe wat van toepassing op die Madonna-figuur, net soos op die Jesus-figuur, is. “Met spykers in sy hande en sy voete,

met 'n doringkroon op sy hoof, hang Hy daar sonder om een keer te kla!" (Stephens 2016). Dié aanhaling, nie uit 'n geleerde geskrif nie, nog minder die Bybel, maar uit 'n rubriek in 'n bekende Afrikaanse poniekoerant, weerspieël die breë kulturele assosiasie met Christus, in die eerste plek, as figuur van lyding. (Meer hieroor in 3.3.2.2, waar laasgenoemde in verband gebring sal word met redding.)

Ek sluit hierdie gedeelte af met enkele aantekeninge rakende Autshumao en die poshouer Hans Michiel, wat beide, soos dit uit die bostaande aanhalings blyk, op 'n stadium twaalf "volgelinge" gehad het. Fisieke ontbering, selfs lyding, is ook hulle lot.

Autshumao is die leier van 'n uitgelewerde en verslane stam, die "twaalf" Goringhaicona ("vyf kinders, vyf vroue en twee ou mans" – 3), waarvan hy, by sy dood aan't woning van sy swaer Oedaso ("[Eva se] pa se mense" – 11), deur Eva as die laaste oorlewende beskryf word. Hy is ook haar "enigste familie" (179). Die feit dat sy hom nie kan groet voor sy dood nie, is die finale stempel op Eva se ontredering as vervreemde Koina-vrou; terselfdertyd illustreer dit Autshumao se eie vervreemding as Koina, nadat hy te dikwels gesien is as die Hollanders se agent. Hy sterf in eensaamheid, "[e]n niemand het vir hom geslag nie" (179). Hierdie tragiese lotsbestemming kan gesien word as die voltrekking van sy aanvanklike halsstarrigheid: Hy, Autshumao, "het hulle [die twaalf] nooit gevra om hom te volg of gedreig om hom te gehoorsaam nie" – en nou bly niks oor nie.

Die tragedie van Autshumao binne sy gemeenskapsverband kontrasteer egter in 'n groot mate met Sleigh se voorstelling van hom as Herrie (Chief Harry) in sy omgang met die Hollanders. Hier is hy 'n enkeling, gemotiveer deur sy hunkering na 'n persoonlike "andersmaak". Hy behaal 'n klinkende sukses wanneer hy die Hollanders uitoorlê en wegkom met groot getalle van hulle vee. Later, na sy arrestasie en gevangehouding op Robbeneiland, slaag hy op byna bonatuurlike wyse daarin om, tot almal se ongeloof en Van Riebeeck se absolute ergernis, van die eiland te ontsnap (118). Hierdie daad van individuele briljantheid lei inderdaad tot 'n finale verharding van die Hollanders se gevoelens, nie net jeens Autshumao nie, maar ook jeens die Goringhaicona: "Hulle moes nie na Herrie luister nie, dit was verby met Herrie. Hulle moes nooit weer leiers volg nie. Daar was nie meer Goringhaicona nie. Enigene wat sê daar is Goringhaicona, is 'n vyand van die Kompanjie" (121). Maar Autshumao wou juis nie gehad het die Goringhaicona moet hom volg nie! Binne hierdie verband is dit ook betekenisvol dat Autshumao die enigste van die "sewe" is wie se hoofstuk op 'n triomfantlike noot eindig (na sy buitmaking van die Hollanders se vee): "Dit was alles sy werk, dit was sy dag, en sy gees was trots en verlig. Die gedagte het by hom opgekom dat hy heelwat slimmer is as wat hy geweet het" (54). Van Sleigh se sewe fokaliseerders is Autshumao, gebore Afrikaan tussen Europeërs, by uitstek die individualis.

Autshumao, onwillige, weierende Jesus?

Hans Michiel word as weeskind groot in 'n ellendige Duitsland verwoes deur die Dertigjarige Oorlog (287). In skrilte kontras met Autshumao is hy, soos die volgende aanhaling duidelik maak, 'n gewillige, selfs entoesiastiese leier van sý "twaalf", wie se suksesvolle begeleiding en lewering – van Lüneburg, Duitsland, na Amsterdam – dalk 'n kans op bevordering is: "'Welaan, Hans Michiel,' het sy makkers gesê. 'As jy terugkom, word jy sersant'" (293). Daar is 'n bykomende kontras: Hans Michiel se volgelinge is allesbehalwe gewillig, want hulle is bandiete wat aan hom vasgeketting is: "[v]ervalsers, diewe, moordenaars, verkragters van ou moeders. Skuim van die varkhok se sloot" (292; sien ook 298). Nie een van die twaalf bereik

die voorgenome bestemming nie; een vir een sal hulle van Hans losbreek tot hy alleen oor is met sy mislukking: “Hy was verlore.” Terselfdertyd voel hy egter “bevry [...] verlos van sy kettings [...], heeltemal vry om sy lewenspad self te kies” (302), en dit is dan ook op hierdie punt dat hy as soldaat by die VOC aansluit en Kaap toe gaan.

Die aanvanklik belowende taak wat op teleurstelling uitgeloop het, word egter die patroon van Hans se lewe. Hy word poshouer op Robbeneiland, waar hy Eva en haar kinders leer ken, toe op Saldanhabaai, waar hy eindelijk sy bevordering kry. Na ’n kort verdere verblyf op Robbeneiland verloor hy sy sersanterang wanneer hy onder die korrupte sersant Croese aan die Fort aangestel word, maar herwin dit kort daarna. ’n Onbenullige oortreding (hy mis die aandklokke na ’n vrugtelose soektog na Eva se kinders) bring hom egter in konflik met die goewerneur, Goske, kop in een mus met Croese, wat hom summier uit die Kompanjie se diens ontslaan. Die siklus begin as’t ware van voor af: Terug in Europa is hy eers gewone soldaat in die leer van die Prins van Oranje, dog word in “die vyfde jaar van sy diensverband in 1678” weer sersant (374). Sy ontslag uit die Kompanjie word ongeldig verklaar. Sy eintlike droom is om Ooste toe te gaan (375), maar hy keer noodgedwonge terug Kaap toe, waar die Direkteure se brief stipuleer dat “hy in sy vorige rang en amp herstel moes word” (376). Vir die derde maal terug op Robbeneiland as poshouer, is dit egter as korporaal waar Hans sal eindig, soos aan die begin.

Tog is daar ’n kentering, miskien selfs ’n soort oorwinning. Die twaalf verlore volgelinge van Hans se eerste mislukking sal op ’n manier na hom terugkeer op Robbeneiland, maar nou as ’n menigte, as’t ware sy eie gemeente, vir wie hy inderdaad sou preek. Dis die moeite werd om dié beskrywing breedvoerig aan te haal.

Saans het hy die aandebed aan die gevangenes gelees uit die boekie van die parogiepastor. Die woorde het hy geken. Sy boek was oop in sy hande, maar sy oë was op die vier rye gesigte voor hom. Inmekaargevoude jong mans, krom ou mans met kortgeskeerde hare en baarde onegalig geknip, met verrotte songebleikte klere, ongewas, omgewe van die reuk van menslike uitskeiding, selfveragterend met uitdrukkings van teleurstelling, of minagting, of spot in hulle gesigte; enkeles geanker aan ’n ysterbal, ’n kruitwa, ’n kooi. Hulle was sy broers [...]. (380)

Hans Michiel, naëwe, onwetende Jesus?

Om twee manlike karakters in *Eilande* uit te sonder as Jesus-figure op grond van hulle gedeelde lot as “leier van twaalf”, sou binne die bevrydingsresepsie wat in die eerste gedeelte van hierdie artikel bespreek is, as totaal lukraak, inderdaad onnodig, voorkom. Wat hierdie inset wel verteenwoordig, is ’n manier om met die teks in gesprek te tree ten einde iets verder – afgesien van die natuursimboliek: eilande, die see – van die “universele menslike kondisie” in die roman wys te word. Dit is egter ’n spel: Beide Hans Michiel en Autshumao se verhale sou sekerlik kon lei tot ander gevolgtrekkings as dié wat vlugtig hier voorgelê is. Wat wel na vore kom, is iets van die ironie van die “ewige sirkelgang van die lewe” en wat in *Eilande* onderlê word deur ’n insig op menslike lyding.

3.3.2.2 Figure van lyding en redding: Bart Borms / Lamotius / De Grevenbroek

By een van sy besoeke aan Pieterella probeer fiskaal Deneyn haar beïndruk met sy kennis van “[John] Donne, die Engelse predikant” (508). “Geen mens is soos ’n eiland, totaal los van ander

nie” (509), rapporteer hy. Pieterella antwoord: “Ek ken mense wat heeltemal niemand het nie. Eilande.” Hy daag haar uit om so iemand te noem. “Hans Michiel,” sê Pieterella (509).

Van al die karakters in die roman is dit dus Hans Michiel wat “Eiland” genoem word – en dit deur Pieterella, wie se beeld in die jong Deneyn se verliefdheid ons hier kan herinner aan De Grevenbroek se besieling met die Madonna: koestering en beskerming, dog met ’n sweem van erotisme. “Die dogter, soos sy ouer word en ontwikkel, het vir hom [Deneyn] meer aantreklik geword. Die dag moes kom dat hy openlik met haar oor sy gevoel praat, maar sy was nog baie jonk, skaars veertien [...]. Hy wou haar die kans gee om te leef en te leer, en hy sou haar help om groot te word, maar hy wou haar vir hom hou” (506).

Die “naïewe, onwetende Jesus” (soos hier bo getakseer in die kort beskouing van die poshouer), emblematiese titeldraer van *Eilande* (Hans Michiel is “Eiland”) in die oë van die idealiserende dogter-ma-vrou? Dog dit is nie soseer in Hans Michiel dat die “Jesus-figuur” na vore kom nie. Daarvoor is dit nodig om twee spesifieke beelde met mekaar in verband te bring en as’t ware te laat reflekteer, van fisieke lyding aan die een kant, en redding aan die ander.

Daar is reeds in 3.3.2.1 verwys na die kulturele assosiasie met Christus as lydensfiguur. Hy is ook, by uitstek, die figuur van redding. Die lyding is egter ’n voorwaarde van die verlossing, waarsonder laasgenoemde nie sou kon plaasvind nie. Die lyding is verder konkreet en lyflik – die man deur sy hande en voete vasgespyker aan die kruis – teenoor die redding wat juis die (teologiese) objek is van betekenisgewing en interpretasie; dus meer abstrak, intellektueel.

Van deurslaggewende belang in *Eilande* wat lyding betref, is die beeld van die drenkeling wat gered word. Dié beeld is veral vleeslik; dit is ’n kop, soms ’n gesig, ook ’n liggaam. Dit is met laasgenoemde dat ek begin. Die Mauritiaanse goewerneur Lamotius (ook Lamotte/Lamot) is in hierdie verband die uitstaande figuur, in wisselwerking met beide De Grevenbroek en Bart Borms.

Daar is reeds daarop gewys dat Lamotius, ’n vertroueling, selfs vriend, van Daniel en Pieterella, “probleme” op Mauritius gehad het (sien 3.3.1). Een van die probleme val grootliks buite sy beheer. Hy het ’n saagmeul ontwerp wat die Here Sewentien in Amsterdam genoegsaam beïndruk het om hom op grond daarvan ’n goewerneurspos in Mauritius te bied: “Hout was die Kompanjie se enigste hoop vir die eiland” (543). Ten spyte van sy beste pogings is die produksie van die meule egter nooit na wense nie, grootliks vanweë die onverklaarbare voortdurende wanfunksionering van sy eie uitvinding, ’n meganiese saaglem (732). Die eiland se uiters belangrike ebbhoutproduksie sal misluk, en Lamotius se pogings om daarvoor te vergoed deur alternatiewe produkte te ontwikkel, veral tabak, arak en groente (sien 629–31), sal weinig verskil maak. Die Kompanjie staak uiteindelik alle bedrywighede op die kolonie en ontruim sy bevolking – tot die groot ellende van “burgers” soos Daniel en Pieterella (sien 672).

Die geluk was dus net nie aan sy kant nie. Maar Lamotius is ook ’n man van foute – foute van oordeel – en hy betaal ’n hoë prys daarvoor. Enkele sulke gevalle kan vlugtig beskou word.

’n Groep slawe wat in Batavia in opstand gekom het, word in Mauritius verhoor. ’n Soldaat, Hans Beer, wat in ’n verhouding met een van die beskuldigdes was, word op Lamotius se bevel “tot die derde [wreedste] graad ondervra”, eintlik gemartel (618), wat tot sy dood lei. Nie lank daarna nie brand die goewerneurswoning (die “Losie”) tot op die grond af. Lamotius se vrou – en goeie vriendin van Pieterella – die pragtige, verfynde Margarethe Andrea d’Egmont, sterf,

asook die egpaar se twee dogters. Lamotius word “aaklig geskend” (605). Wanneer Lamotius maande later na Bart Borms toe gaan om te verneem na die vordering van ’n boot wat hy besig is om vir hom te bou, wonder Bart “wanneer die velriewe weer uit die kêrel se gesig sal verdwyn, of die gate in sy lippe sal toegroei, of sy hare weer oor die stompies van sy ore gaan groei, of daar weer naels aan sy vingers gaan kom” (609).

Dat daar ’n noodlottige verband sou wees tussen die tragedie wat Lamotius toeval en sy buitensporige optrede teen Hans Beer, word nooit heeltemal uitgespel nie, behalwe in die volgende gegewe: “In die middel van die dag [na die brand] het baas Sven [Telleson] en die houtkappers [...] van Noordwyksvlakte [’n gebied in Mauritius] afgekom. Hulle het daar ’n slaaf gevang en die storie uit hom gehaal” (606). (Later sou dit ook blyk dat die Kaapse owerhede ontevrede is oor Lamotius se hantering van die “geval Hans Beer” – 618). Dit is in elk geval nie die laaste keer dat Lamotius sy gesag op ’n beskamende wyse laat geld nie. En sy volgende vergryp sal juis die bovermelde Bart Borms betrek – inderdaad ook ’n lydensfiguur, soos later aangetoon sal word.

Borms, eertydse visser, nou skrynwerker, ontvang ’n handvol ekstra koperspykers van die skeepstimmerman terwyl hy aan Lamotius se boot werk. Dit word beskou as diefstal, en hy moet voor die Raad verskyn. “Ek verstaan dat jy arm is, Bart, en ek is jammer hieroor,” sê Lamotius vir hom. Gaan die goewerneur vir Bart, toe reeds ’n ou man, begenadig? Alles-behalwe. “Ek moet jou straf as ’n voorbeeld vir die vrylui,” regverdig hy die eindelike vonnis om Bart te laat “laars”. Bart se aantal houe word wel “oor sy ouderdom verminder tot vyftien” (611), maar die aard van sy wonde (“Hy lê met hete koors, en hy bloei van onder”, sou Daniel na dese aan Lamotius verslag doen – 611), verhaas beslis sy einde (621). Vir die goewerneur self is dit ’n verdere graad van vernedering: “Van toe af was die eiland se boere teen Lamotius” (613).

Lamotius sal spoedig nóg foute maak, tot die teleurstelling van diegene wat hom destyds vertrou het, miskien selfs goedgesind was. Vernaam Daniel. Wanneer laasgenoemde om hulp gevra word deur ’n Indiese slaaf wat vrees vir die dood oor hy met ene Gert van Ewijk se vrou ’n verhouding gehad het, vertrou Bart die man aan Lamotius se sorg toe. “[I]n Indië is die straf vir owerspel nie die dood nie”, en Lamotius “belowe om hom te beskerm teen geweld” (653). Die slaaf sterf egter kort daarna, en Daniel verwyt Lamotius: “Waarom, het Daniel gedink, waarom? Omdat hy nie ’n Hollander was nie, nie ’n Christen nie, nie ’n wit vel gehad het nie [...]. Wat het sy [Daniel se] inmenging en sy voorspraak gehelp? Kan Lamotius nie die balk in sy eie oog sien nie?” (653).

En Lamotius het inderdaad ’n “balk in sy oog”. Hier gaan dit oor die swakheid van die vlees: sy eie owerspelige verhouding met Aletha Uijtenbogaert, vrou van die skelm Franse Luitenant Dubertin. Dit sal ’n besondere intrige ontketen. Eers sal Dubertin, uit weerwraak, ’n opstand stook teen die goewerneur, waarna Lamotius op sy beurt die nou voortvlugtige Dubertin sal laat vervolg, klaarblyklik met die doel om “haar [Aletha se] man te skiet of te verongeluk, dat hy haar vir hom kan kry” (652). Daniel sal vir ’n ruk veilige vesting aan Dubertin bied, waaroor Lamotius hoogs ontstoke sal wees. Afgesien van sy snelverminderende aansien in die lig van die Mauritius-kolonie se ekonomiese agteruitgang, sal dié skandaal hom tot sy laagtepunt bring. By sy vervanging as goewerneur (deur Roelof Diodati) sal ’n brief van die Kaapse goewerneur, Van der Stel, Lamotius gevange laat neem vir verhoor in die Ooste: “En alles oor Aletha Uijtenbogaert se lyfie, daardie fatale vroulike deel wat soms goeie mans ten gronde rig” (666). Uiteindelik word hy gevonnissen “tot die gesel en ses jaar gekettingde arbeid in die

Kompanjie se soutmyn in Rosingain. Piernel het gehuil toe sy dit hoor. Arme Margarethe, het sy gesê, as sy geleef het, sou dit nooit gebeur het nie” (670).

Piernel se simpatie vir Lamotius se lot is hier betekenisvol. Hy is ’n “goeie man”, wat haar en Daniel met raad en daad bygestaan en ondersteun het by hulle aanvanklike nedersetting in Mauritius. Hy het die belofte gehad van sukses. Maar, soos De Grevenbroek vir homself sin probeer maak uit Lamotius se wedervaringe: “Daardie vervloekte saagmeul moes sy hart gebreek het. Soos ’n vrou wat jonk afkoel, het dit reggekry om hom eers moedeloos te maak en toe onverskillig” (732). Deur sy eie selfsug en magsug, eintlik desperaatheid, het hy foute begaan wat tot sy volslae vernedering gelei het: Wanneer De Grevenbroek hom die eerste keer ontmoet, is hy “die kneg Lamotius” (726). Terselfdertyd is sý vernedering dié van ’n hele gemeenskap, die eens belangrike buitepos van Mauritius, die grootste slagoffer van die Kompanjie se ongenaakbaarheid. Die tragiese, onvermydelike agteruitgang van Mauritius word deur Lamotius se eie vernedering verteenwoordig – dit is hy wat as’t ware ’n hele land – eiland – se lyding moet dra. Dié lydensfiguur.

Deurentyd is mens bewus van sy geskende liggaam, sy gesig. Wanneer Lamotius aan die begin van sy konflik met Dubertin by Daniel en Piernel oorbly, is hy doodsiek aan malaria. “Hy was deurmekeer, ylend, soms byna rasend van koors, nou heet, dan koud, en het gedurig sy laken van hom afgeskop en gekreun van hoofpyn, terwyl die sweet hom aftap.” Vervolgens roep Daniel vir Piernel “om te kyk hoe die opper se liggaam verbrand was: die letsels van sy wonde het soos ingebrande vlamme rooi, wit en pers voor en agter oor sy liggaam gelê” (646). De Grevenbroek, wat sy “aaklige verhaal” uit die argief saamgestel het en hom eindelijk, na sy terugkeer na die Kaap, besoek, wonder of “die ongelukkige man” nie dalk ook melaats is nie. Lamotius bied hom wyn aan, en die klerk sien hoe “Lamotius se hand en voorarm kom uit sy gewaad, haarloos, geswel, rooi; hoër op steek ’n verband uit [...]. Hy neem die karaf met kromgetrekte vingers, kantel dit oor hulle glase. Dit lyk of bloed uit sy vingerpunte stroom. Sy rooi ooglede, sonder ’n teken van ooghare of wenkbroue, kyk uit die vou in sy kopstuk” (727).

By ’n latere besoek aan Lamotius, nou ’n “netjiese, ondernemende boer” (728), wonder De Grevenbroek oor sy gesig, wat hy graag agter die “kopstuk” sal wil sien. “Maar hy het onthou dat wat hier verberg word, ’n derde gesig is. Ewe min as wat hy ooit die eerste of tweede man kan ken, kan hy hulle gesigte sien. Met sy eie verbeelding moet hy hulle skep” (729). Lamotius se gesig word dus ’n objek van misterie – en hier kan ons nie anders as om te onthou hoe De Grevenbroek gewonder het oor die *eintlike* aard van die Madonna nie: “Wie was sy?” Lamotius word op ’n manier ewe onpeilbaar, ewe ontoeganklik vir die klerk se gawes van ondersoek en logiese gevolgtrekking. Al wat oorbly, is die lyding, nou inderdaad bonatuurlik, grotesk, alhoewel die klerk ook dít nie met sekerheid kan sê nie: “Hy [soek] Lamotius se gesig van die hede [...] in die donker holte van ’n monnikskap (miskien was daar binne net ’n skedel met leë oogkasse – ’n duiwelse, benige, pratende doodshoof)” (733).

Die laaste insig van De Grevenbroek is betekenisvol, om twee redes. Enersyds bring dit hom tot ’n begrip van sy werklike skrywersending: “De Grevenbroek het ’n ander gedagte gekry oor die honderde stukkie papier wat hy, soos ’n mier blare aandra teen die winter, met ’n duister doel in sy mou huis toe gedra het. *Beeld van die Kaap* was goed, maar op die buiteposte was die daaglikse lewe in mense soos hy en Lamotius, mense met siele, of wat eers siele gehad het” (733). Dit is dié oomblik wat De Grevenbroek daarvan oortuig dat sy boek oor gewone mense moet handel, eerder as politieke figure (sien 3.2.1). In hierdie uiterste konfrontasie van hom met die lydende Lamotius se (verbeelde) kop en gesig, sien De Grevenbroek die dood,

maar hy sien ook die siel. In die uiterste figuur van lyding is daar as't ware *alreeds* die redding. Andersyds is Lamotius se “duiwelse, benige, pratende doodshoof” inderdaad ook teenwoordig in die toneel van die drenkeling wat gered word.

Om oor te gaan na dié toneel, en sy sentrale figuur, Bart Borms. Dit sou hier nie onvanpas wees om 'n ondersteunende kruisverwysing in die Bybel te soek nie. “Die visser”, wat Bart Borms se verhaal weergee, is die enigste van die hoofstukke met 'n subtitel uit die Bybel ontleen: “Toe het die see soos bloed geword, en dié wat daarin woon, het omgekom, en die skepe het vergaan.”⁴⁷ Hier is weliswaar geen sprake van redding nie, maar Bart Borms se mees definiërende, treffende beeld, strekkend oor die eerste bladsye van “Die visser”, kan geredelik opgesom word in nóg 'n Bybelvers, dié van die drenkeling wat gered word: “Hy het uit die hoogte *sy hand* uitgestrek, Hy het my gegryp, Hy het my uit groot waters getrek” (Die Bybel, 1966, Psalm 18, vers 17).

Bart Borms dryf vir dae alleen in die “eindelose see oos van Mauritius” (213) nadat die skip waarop hy aan boord was saam met drie ander skepe (uit 'n vloot van sewe) in 'n orkaan vernietig is. Borms, “[a]lleen, en drywend in kalm water” (220), is sekerlik dié sleuteltoneel in die roman, met eggo's wat uitkring na die proloog (“Eindelik die see, die groen vrugwater waarin ons dryf” – 2) asook die “Erkenning” (“Daar is geen geskiedenis nie, anders as [...] 'n soektog na oorlewendes in eindelose ruimte” – 757). Dit is ook prominent in De Grevenbroek se slotmymeringe oor die verloop van tyd: “En daarna? Daarna, daarna en daarna sal dit weer wees asof dit nooit was nie. In alles bly net die see dieselfde, leeg en eindeloos” (755). (Die klerk se insig sal hier onder weer aan bod kom.)

'n Verdere interessante voorkoms van die beeld is in die beskrywing van die skildery, aanbring op Sven Telleson se gewefde hangmat, sy enigste noemenswaardige besitting. “Die geheel was so dat as iemand in die hangmat lê, was dit asof hy in die see weggesak is met 'n rand van voëls en wolke heel bo, dan die see met sy skepe, en daaronder die bodem met visse en koraal en skulpe” (628). Telleson is 'n eertydse kennis van Peter Havgard. Ten spyte van sy ongeletterdheid dien hy as raadslid op Mauritius, 'n hoedanigheid wat hom 'n sekere prominensie gee: “Aan elke Jan Maat en vryman het Sven vertel wat oor hulle in die Raad gesê is of Kaap toe geskryf word” (626). Bedrewe op die see en as houtkapper, word hy deur goewerneur Lamotius op 'n stadium as sy “regterhand” beskou (618). Hy is egter onbetroubaar en vulgêr en pleeg diefstal; Daniel, met wie hy al verskeie onderonsies gehad het, kwalifiseer hom as 'n “niksnut” (663). Ten tye van sy dood aan die huis van Piaternella en Daniel is hy totaal aan drank verslaaf en het hy vir alle praktiese doeleindes 'n boemelaar geword. Totdat hy te swak geword het om daarin te klim (en Daniel en Piaternella vir hom 'n “kooi” moes voorberei – 627), het Telleson elke nag in sy nagelate kunswerk geslaap. Bart Borms se drenkelingtoneel, ingeweef in dié “bontgeverfde hangmat” (626), maak van Telleson eweneens 'n drenkeling; Telleson, die gewone, sondige, gevalle mens.⁴⁸

Tog, nie te anders as die spreker in die aangehaalde psalm nie, word Bart gered, nogal juis nadat hy hom in 'n oomblik van reddelose nood – nie sonder humor nie – tot sy Godheid gerig het: “Ek lewe nog, Here. [...] Kyk 'n bietjie hier onder, ek is nog hier. [...] Here, [...] ek wil nie nou al ophou drink nie, maar ek sal dadelik ophou hoereer en steel en vloek en lieg. Ek sal nou ophou vloek” (221). Kort hierna is Bart verstom om “'n groot roeiboort” naby hom te sien, en sy kreet om hulp word beantwoord wanneer die stuurman hom aan boord laat neem: “Bart het dankbaar na 'n slepende tou gegryp. ‘Maats, goddank’” (222). Afgesien van die ironie dat Bart se redder, die “stuurman” en “roerganger”, se weldaad allesbehalwe uit liefde is, maar uit haat

(“‘Waaragtig’, sê hy, ‘Ek het altyd verwag ek gaan jou kry, jou verdomde skuim. Nou het ek jou by die knaters’” (222) – kan Bart se redding egter plaasvind slegs op voorwaarde van opoffering en dood: Een moet oorboord gegooi word vir een om aan boord te kom, anders sal die boot sink. Die skipper, Oosterwoud, wat hierdie vreeslike besluit moet neem, noem Bart “’n man van waarde” (223); hierna, op voorstel van die stuurman – “Gooi die swarte uit” – word “’n kragtige jong Moor” oor die boeg gegooi en moorddadig afgeransel wanneer hy probeer terugklim. “‘Vader, behoed sy siel’, het die roerganger gesê” (223). Inderdaad is dit nie slegs die arme Moor wat opgeoffer word nie, maar ook die skipper, Oosterwoud, wat maande later sy eie lewe neem (sien 244): “[D]ie bloed wat ek gestort het kan nie met arak afgewas word nie” (231).

Bart Borman se redding uit die “eindelose see” vind dus te midde van gruwel en wreedheid plaas. Daar was geen logiese rede vir hom om hierdie guns te ontvang nie; , trouens, die man wat hom eerste gered het, die stuurman, het hom geminag. Maar juis deur die onverdiendheid en onverklaarbaarheid van sy redding word Bart dié reddingsfiguur in die roman. Om tot hierdie gevolgtrekking aangaande “die visser” te kom – en hierdie status aan hom te heg – spruit egter nie slegs uit ’n oorweging van die feit dat hy dié drenkeling is wat gered word nie. Nee, daar is ook wisselwerkings ter sprake, meer bepaald met die lydensfiguur soos hier bo uiteengesit, opper Lamotius. Hiervoor moet daar kortliks weer eens aandag gegee word aan die lydingsmetafoor.

Daar is reeds hier bo ’n eerste wisselwerking bespreek: Lamotius wat hom daarmee laat welgeval dat Borms vir ’n totale onbenulligheid – enkele spykers – so hardhandig gestraf word dat dit tot sy verminking lei. Dit ten spyte van Lamotius se goeie persoonlike verhouding met die visser wat selfs ’n soort vriendskap is – hy moes, deur sy straf van Borms, “’n voorbeeld” maak vir ander. Binne die konteks van die lydingsresepsie neem hierdie episode, betreklik vlietend (611–3), iets fundamenteels aan: Die reddingsfiguur word *ook* ’n lydensfiguur; Bart se liggaam word geskend op ’n lyflike manier wat onmiddellik herinner aan Lamotius se eie skending. ’n Verdere aanhaling is hier gepas: “Bart het op sy gesig gelê, op ’n seil op die grond met die bloederige vlek van sy water om hom,⁴⁹ met sy kop op daardie blou prent van ’n anker op sy arm. Hy was koorsig, duiselig; die sweet het tussen sy verrimpelde blaaië geblink. Theuntje [sy vrou] het vir hom groen kruiepappe op sy boude en kruis gepak, en sy bolyf en bene met ’n klam doek afgevee” (613). En dit is die lydensfiguur Lamotius wat dit aan Bart laat doen het; Lamotius het sý lyding verdubbel in dié van die visser.

Daar is ’n tweede wisselwerking in hierdie lydingsverband wat ook De Grevenbroek betrek. Dit gaan hier, weer eens, oor die “duiwelse, benige, pratende doodshoof” wat De Grevenbroek in sy verbeelding met Lamotius assosieer, en wat hier bo bespreek is. Hierdie beeld is egter nie heeltemal oorspronklik (in die sin dat dit vir die eerste keer voorkom) in die teks nie. Dit is, om die waarheid te sê, ’n soort eggo (’n spieëlbeeld, ’n verdubbeling) van ’n beeld wat veel vroeër by Bart “gespook” het terwyl hy in die eindelose see gedryf het met die hoop op redding. Bart, in sy “tweede dag van dryf”, “dors, seer gebrand van die son, walgend van bitter seewater in sy mond”, sien tonele voor sy geestesoog: “Sy verstand het hom al by tye verlaat” (214).

Klaarblyklik het Bart dié besondere toneel, waartydens ’n seerower in Batavia onthoof is, nie self beleef nie, maar daarvan gehoor, juis by “die laksman se maat en die paar geweldigers wat gereeld hier dood uitdeel [...]. Hulle het die storie kom vertel [...]” (214). Dit gaan oor die kop van die veroordeelde seerower: “Hulle kon getuig daarvan hoe die kop van die blok af oor die mandjie spring, drie of vier tree ver vorentoe rol, en regop stuit met die gesig na die plein

gedraai” (214). Die kop sal begin praat in ’n “vreemde, hoë geblêr”, en terwyl die liggaam “[o]p die skavot [...] gelê en ruk [het] en bloed [spuit]”, die sinking van skepe voorspel – duidelik die vloot van sewe waarvan Bart se skip deel was.⁵⁰ “Dit was verskriklik dat ’n mensekop op die justisieplein lê en met ’n bok se stem praat”. Later sal dit klink of die kop huil en “[t]oe hulle eindelijk gewaag het om te kyk, was die hare en baard spierwit” (215).

Daar is ooglopende verskille: Die “kop” is dié van ’n onbekende seerower wat nie andersins deel van die verhaal is nie; dit is ook nie stilswyend nie, maar praat in die gruwelstem van ’n blêrende bok. Laasgenoemde bonatuurlike besonderheid sou ’n mens uit die aard van die saak kon toeskryf aan die ongetwyfelde bygelowigheid van die populêre seelui van die tyd: Bart is per slot van rekening uit ’n totaal ander milieu as die geleerde klerk. De Grevenbroek – en, deur hom, Lamotius – se “pratende doodshoof” toon egter eweneens ’n bese, selfs bonatuurlike, dimensie: Dit is “duiwels”. Oor die betekenis van hierdie verdubbeling, wat homself oor ’n besonder lang narratiewe afstand voltrek (bladsy 214 by Bart Borms, bladsy 733 by De Grevenbroek), kan ons hier slegs die volgende sê: Enersyds onderstreep dit miskien, deur die feit dat Lamotius se kop as’t ware (terug)kaats in dié van ’n man (’n boosdoener by alles) van veel laer stand, ’n sekere gelykmakingsproses van die geskiedenis, wat natuurlik vir oulaas sal weerklink in die laaste reël van die roman: “Daar is geen geskiedenis nie, anders as die ontleding en vertolking van dokumente, ’n *soektog na oorlewendes in eindelose ruimte*” (757). Andersyds sou dit, deur die bonatuurlike, metafisiese verbintenis wat dit tussen Lamotius en Bart Borms sigbaar maak, die *lyding* wat by hulle albei aan die orde is – so fisiek, so lyflik – deelagtig maak van die wêreld van die verbeelding – juis die verbeelding van die voornemende skrywer.

Dit bring ons by De Grevenbroek, in wie se verhaal die reddingstoneel – die drenkeling wat gered word – hom eindelijk voltrek. Hier is dit belangrik om in gedagte te hou wat vroeër beskryf is as die wisselwerking – in hierdie geval ook ’n verdubbeling – tussen die skrywer, Sleigh, en die karakter, De Grevenbroek (sien 3.2.2), elkeen, ongeveer 300 jaar uitmekaar, begeester met die skryf van sy historiese teks. Nes Sleigh en De Grevenbroek oorvleuel die tekste. Die reddingstoneel gaan hom twee keer⁵¹ by De Grevenbroek voordoën, as’t ware as bakens op sy tekstuele pad.

By die eerste geleentheid gaan dit om die wending waarvolgens De Grevenbroek afsien van die skryf van ’n formele “geskiedenis van die Kaapse nedersetting se eerste vyftig jaar” (687) ten einde eerder te vertel van gewone mense (sien 3.2.2). Ten spyte van sy wanhoop dat hy die teks waarmee hy begin het, nie sal kan klaarmaak nie, is hy, ten minste ná sy verandering van insig, nie die drenkeling nie, maar die een wat red:

[N]á vyf maande se werk aan meer as tweehonderd folio’s, het hy nog nie verder gevorder as die stigtingsjaar nie. Toe het hy gesien hy sal dit in sy eie leeftyd nie voltooi nie, dit was te laat, hy het te lank gewag om te begin. En gelyktydig het ’n ander vermoede sekerheid geword: dat hier ander stories roep om gehoor te word, soos die hand van ’n drenkeling uit die see kom en ’n stem sê: help my. (687)

Die reddingstoneel gaan vir ’n tweede keer sy verskyning maak heelwat later in die klerk se lewe aan die Kaap; dienooreenkomstig het die teks waaraan hy werk, nou ook al baie verder gevorder. Ons ken reeds die aanhaling (sien 3.2.2): “Hy skryf dae en maande by sy tafel, en tel op ’n keer mismoedig die stapel folio’s in sy kas. Daar is meer as sewehonderd” (738). Soos reeds gesien is, skryf De Grevenbroek asof “in water”, want hierdie is inderdaad sy

drenkelingstoneel: “Jy dryf in ’n storm, sonder hulp.” Wat hom veral teister, afgesien van sy besorgdheid dat hy, vanweë sy ouderdom, nie genoeg tyd gaan hê om sy teks te voltooi nie, is sy tekort aan inligting oor die einde van die Mauritius-kolonie onder Hollandse bestuur. Daarvoor het hy die getuienis van Pieter Zaaijman, oudste seun van Pieterella en Daniel, nodig, maar hy weet nie hoe om ’n ontmoeting met hom te bewerkstellig nie. Dan bied Adam Tas egter aan om Pieter se dienste te bekom as skrynwerker vir die maak van “twaalf en ’n half deeglike doodkiste” (sien 3.3.2.1) (“Ek sal die saak hanteer, skryf jy jou man aan om te kom” – 739), en ’n lig gaan vir De Grevenbroek op. “De Grevenbroek het Tas se hand geneem, op een knie gesak, die hand teen sy voorkop gedruk. Sy trane het Tas se hand natgemaak. Toe Tas die sekretaris op die been help, dink De Grevenbroek: ‘Dit is asof hy ’n drenkeling uit die see in die boot lig’” (739).

Meer as “baken” is die drenkeling-wat-gered-word by De Grevenbroek telkens ’n deurbraak, ’n voorwaarde wat nagekom word vir die realisering van sy baie lang manuskrip. Maar Sleigh het óók ’n lang teks geskryf, *Eilande*, waardeur hy homself uiteindelik as skrywer gevestig het. Die lydingsresepsie van *Eilande* en die “redding” waarvan daar sprake is, is universeel menslik; terselfdertyd kan dit ook, ten minste in sekere opsigte, gesien word as die persoonlike selfgeldig van ’n skrywer.

4. Slotopmerkings. *Eilande* en die universele

Volgens Robbins (2005:559) is die onderskeidende kenmerk van postkolonialisme (in vergelyking met byvoorbeeld Marxisme of teenkoloniale vryheidsbewegings) die voorkeur wat gegee word aan ’n fokus op “particular items”. Postkolonialisme is amorf – dit is a “field” eerder as a “discipline” – waarvan die samestelling wesenlik afhang van die voortdurende interne polemiek. Die “lys van spesifieke items” wissel dus volgens ideologie en sosiale omstandighede, veral met betrekking tot “kategorieë” soos geslagsoriëntasie, sosiale klas, nasionale of etniese minderhede en hibriditeit (sien Robbins 2005:559, 564). Twee items is egter min of meer deurlopend: ras en geslag (“gender”).

Die akademiese resepsie van *Eilande* in die eerste dekade na sy publikasie sluit grootliks hierby aan. Die bydraers oor wie ek verslag gedoen het – Du Plooy, Anker en Van Zyl, asook Viljoen en Samuelson – lees almal *Eilande* as, in wese, ’n voorstelling van die geskiedkundige wanbalans van mag, weliswaar met verskillende klem op die een of die ander: ras – Hollander teenoor Koina – word byvoorbeeld sterker belig by Anker; Van Zyl en Samuelson het ’n sterker fokus op die posisie van die vrou. En geskiedkundige wanbalans (van die periode 1642 tot 1710), maar wat juis gelees word vir die “relevansie” van hierdie geskiedenis vir die huidige: postkolonialisme *oblige*. Deur hierdie bydraes byeen te bring onder die opskrif van ’n “bevrydingsresepsie” (Samuelson is wel in ’n ander afdeling handel, maar sou ook hier tuisgebring kon word), het ek die verband tussen hierdie perspektiewe en die “nuwe” Suid-Afrikaanse era waarin *Eilande* verskyn het, probeer beklemtoon. Kortom, *Eilande* het netjies ingepas in ’n verwagtingshorison van politieke emansipasie.

Maar veronderstel *Eilande* sou vroeër gepubliseer gewees het, self soveel as tien, twaalf jaar vroeër? Hierdie hipotetiese moontlikheid is voorgestel deur Twidle, wat *Eilande* juis lees as ’n geskiedenis-wat-hom-hou-by-sy-tyd, sonder aanspraak om in te speel op die hede. Sou *Eilande* (1990) dieselfde resepsie te beurt geval het as *Eilande* (2002)? En wat van die resepsie van

Eilande vandag, nog 'n verdere ongeveer twee dekades later, 'n era wat mens 'n postbevrydingsera sou kon noem? Die politieke bevryding is steeds daar, maar sy waarde is veel meer gerelativeer as vantevore.

Postkolonialisme projekteer homself as't ware per definisie, hetsy as "poststrukuralisme", hetsy meer "politiek" as antikolonialisme (sien Robbins 2005:558), as teëstelling van 'n (Westerse) universalisme – gevolglik, van humanisme. Robbins probeer hard om, juis vanuit hierdie teenstelling, postkolonialisme as humanisme te herbedink. In navolging van Ernesto Laclau⁵² kan universalisme byvoorbeeld uitgebou word as 'n "horison", "at the same time as its necessary attachment to any particular [Westerse-geïnspireerde] content is broken" (Robbins 2005:560). Robbins verwys ook na Gayatri Spivak, wat universalisme inderdaad bestempel as 'n voorwaarde vir die soort bevragekening of verset waarmee postkolonialisme gemoeid is: "You cannot have any kind of emancipatory project *without* some notion of the ways in which human beings are similar."⁵³ Die beginsel van 'n universele humanisme sou dan juis daarin geleë wees dat mense soortgelyk is *omdat hulle altyd verskil* (Robbins 2005:565).

Die "lydingsresepsie" wat in die tweede helfte van die artikel aangebied is, lees *Eilande* as 'n soort spel van beelde of simbole, gesetel in die tekstuele meganisme van 'n "wisselwerking" of "verdubbeling". Ewe belangrik is die idee van die skrywer wat homself "verdubbel" in die teks en daardeur 'n sekere gang gee aan die "redding" wat hy, uiteraard, wil bewerkstellig, want hy is op 'n sending. Die eerste lydingselement kom na vore in die beeld van 'n geïdealiseerde vrou, in die teks verteenwoordig deur Eva en Pieternella; die tweede in beeld van lyding en redding – die gepynigde gesig of liggaam, die drenkeling wat gered word, verteenwoordig deur Bart Borms, Lamotius en De Grevenbroek. Beelde wat aansluiting vind by die figure van verootmoediging, nie soseer in die Christelike godsdiens nie (dit gaan nie oor godsdiens nie), maar in die breë kulturele vertroutheid wat dié godsdiens se nalatenskap is: die Madonna, die Heiland.

Dit sou onnodig wees om hier verder in te gaan op die "humanisme" van hierdie benadering. Die humanisme en die Christelike simboliek het 'n lang en verwickelde verhouding wat in die geskiedenis, soos in die hede, meermale oorgegaan het tot antagonisme. Wat ek wel kan sê, is dat die uiteensetting van die lydingsresepsie geen baat vind in die postkolonialisme nie. Dit onderlê of reflekteer geen "bevrydende projek" in die sin waarin postkolonialistiese teoretici soos Spivak daarna sou kon verwys nie, en tree nie in die bresse vir 'n gemarginaliseerde "ander" nie, hoe ook al geformuleer. Binne die roman is dit ewe veel van toepassing op die adellike opper Lamotius, die enigins snobistiese klerk, die arm visser en poshouer, die verloopte, eiesinnige Koina Autshumao, die tragiese Eva-Krotoa en Pieternella. Dit is totaal onafhanklik van die verskille in stand, politieke mag en aansien wat elkeen kenmerk. Die "lyding" gaan nie as sodanig oor onderdrukking nie. Ewe min gaan dit oor 'n lyding aan die hand van kapitalisme – die verset daarteen synde juis, volgens Robbins, 'n universalisme waarby postkolonialisme sou inskakel: "a better, more accurate universalism founded on struggle not against colonialism, but against capitalism" (Robbins 2005:561). Al die karakters hier bo genoem is wel, op verskillende vlakke, pionne in die spel van die interkontinentale VOC; almal se bestaan word daardeur gerig en ingeperk – "die monster wat tans die Kaapse rots bewoon" (380) – maar die metafoer van lyding, die pyn op die gesig, die gefolterde liggaam, lê buite die invloedssfeer van 'n "oorzaak" ten opsigte waarvan dit in 'n min of meer binêre opposisie is. En die redding van die drenkeling is nie bevryding nie, allermins in enige politieke of ekonomiese sin.

Wat is dit dan? Sekerlik het dit te make met die bekende simbole van die universele in *Eilande* – die eindelose see, die groen vrugwater waarin ons dryf, die eilande wat ons bewoon en wat ons ook is – wat geen kommentaar op die roman ooit versuim om te noem nie. Die spel van lyding en redding is iets gewoon mensliks. “A country that can produce a kaleidoscope like this novel, with its sheer dazzling beauty and deep understanding of humanity ...”, onthou ons die woorde van Andre P. Brink. Waar daar so lank ingegaan is op “has most triumphantly put its colonial adolescence behind it”, is dit hier, aan die einde, die moment om stil te staan by die “deep understanding of humanity”. Begrip van watter menslikheid? Die vraag is onnodig, want daar is duidelik net een, dié van die mens wat ly.

Maar dit kan ook gaan oor die skrywer. Sleigh was op ’n sending aan die wêreld van die letterkunde, ’n sending nou verby. En hy hét geskryf: “met woorde, frases, sinne en paragrawe ’n verhaal uit eie kennis en verbeelding”. Kennis, maar juis ook verbeelding. Uiteindelik is daar ook dié persoonlike manier om sin te maak uit die lyding – en redding – in *Eilande*: die skrywer van die lang, uitmergelende, immer onvoltooide teks, lank soos ’n geskiedenis, en wat dit tog klaarmaak.

Bibliografie

Anker, J. 2009. Aspekte van postkoloniale verset in *Eilande* deur Dan Sleigh. *LitNet Akademies*, 6(3):33–54. <https://www.litnet.co.za/aspekte-van-postkoloniale-verset-in-eilande-deur-dan-sleigh> (6 April 2019 geraadpleeg).

Attwell, D. en D. Attridge (reds.). 2012. *The Cambridge history of South African literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bassnett, S. 2007. Influence and intertextuality: A reappraisal. *Forum for Modern Language Studies*, 43(2):134–46.

Berger, P. en T. Luckmann. 1975. *The social construction of reality*. Harmondsworth: Penguin Books.

Booth, W. 1983. *The rhetoric of fiction*. Chicago: University of Chicago Press.

Brians, P. 2006. Postcolonial literature. <https://brians.wsu.edu/2016/10/19/postcolonial-literature-problems-with-the-term> (20 April 2021 geraadpleeg).

Brink, A. 1993. Südafrika nach dem Mord an Chris Hani: Die Taube im Grab. <https://taz.de/Die-Taube-im-Grab/!1618303> (22 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bullinger, E.W. 1921. *Number in Scripture. Its supernatural design and spiritual significance*. 4de uitgawe. Londen: Eyre & Spottiswoode (Bible Warehouse) Ltd. https://levendwater.org/books/numbers/number_in_scripture_bullinger.pdf (26 Oktober 2020 geraadpleeg).

Chatman, S. 1978. *Story and discourse: Narrative structure in fiction and film*. New York: Cornell University Press.

- Dan Sleigh. s.j. https://af.wikipedia.org/wiki/Dan_Sleigh (6 Junie 2019 geraadpleeg).
- Dapper, O., W. ten Rhyne en J. de Grevenbroek. 1933. *The early Cape Hottentots*. Onder redakteurskap van I. Schapera en B. Farrington. Kaapstad: Die Van Riebeeck Vereniging. https://www.dbnl.org/tekst/dapp001earl01_01/colofon.php (2 Desember 2020 geraadpleeg).
- De Grevenbroek, J. 1933. An elegant account of the African race living round the Cape of Good Hope commonly called the Hottentots. Vertaal deur B. Farrington. In Dapper e.a. 1933:159–304.
- Dialla, I. 2005. André Brink: An aesthetics of response. *Tydskrif vir Letterkunde*, 42(1):1–26.
- Die Bybel. 1966. Johannesburg: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Distiller, M. en M. Samuelson. 2005. Denying the Coloured Mother. *L'Homme. Europäische Zeitschrift für Feministische Geschichtswissenschaft*, 16(2):28–46.
- Du Plooy, H. 2007. Liminality and liminal figures in *Islands* by Dan Sleigh: A novel about early Dutch colonial history in South Africa. *Afrikaans in Europa*. <https://aie.univie.ac.at/letterkunde/artikels/artikels-prosa/h-du-plooy-islands-by-dan-sleigh> (8 Junie 2019 geraadpleeg).
- Eco, U. s.j. Umberto Eco, 84, best-selling academic who navigated two worlds, dies. <https://www.nytimes.com/2016/02/20/arts/international/umberto-eco-italian-semiotician-and-best-selling-author-dies-at-84.html> (4 April 2019 geraadpleeg).
- Gyssels, K. Les crises du “postcolonial”? Pour une approche comparative. *Revue Internationale de Politique Comparée*, 14(1):151–64.
- Jauss, H. en E. Benzinger. 1970. Literary history as a challenge to literary theory. *New Literary History*, 2(1):7–37.
- Kotzé-Myburgh, S. 2016. Onderhoud met Dan Sleigh. *Skrywers en boeke*, Radio Sonder Grense, 31 Augustus.
- La Vita, M. 2016. Murray La Vita gesels met Dan Sleigh. Netwerk24. <https://www.netwerk24.com/Stemme/Profiele/en-wat-van-die-skrywers-20160818> (1 Desember 2020 geraadpleeg)
- Mathee, D. 2000. *Pieterella van die Kaap*. Kaapstad: Tafelberg.
- Müller, P. 2002. Resensie: Dan Sleigh – *Eilande*. *Insig*, 19 Mei.
- Petzold, J. 2000. André Brink’s magical history tour: Postmodern and postcolonial influences in *The first life of Adamastor*. *English in Africa*, 27(2):45–58.
- . 2016. Chains of voices: Multiperspectivity and historical “truth” in three novels by André Brink. *English in Africa*, 43(1):87–100.
-

Robbins, B. 2005. Race, gender, class, postcolonialism: Toward a new humanistic paradigm? In Schwartz en Ray (reds.) 2005:556–73.

Rossouw, M. 2013. Resepsieteorie. <http://www.litterm.co.za/index.php/r/199-resepsieteorie> (5 Oktober 2020 geraadpleeg).

Samuelson, M. 2005. Remembering the nation, dismembering women? Stories of the South African transition. PhD-proefskrif, Universiteit van Kaapstad.

Sarah Baartman. s.j. https://en.wikipedia.org/wiki/Sarah_Baartman#Death_and_legacy (14 Oktober 2020 geraadpleeg).

Schwartz, H. en S. Ray (reds.). 2005. *A companion to postcolonial studies*. Oxford: Blackwell Publishing Ltd.

Sleigh, D. 2004. *Islands*. Vertaal deur A. Brink. Londen: Secker & Warburg.

—. 2005 [2002]. *Eilande*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2009. *Afstande*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2010. *Wals met Matilda*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2016. *1795*. Kaapstad: Tafelberg.

Salzwedel, I. 2018. Dan Sleigh – een van Afrikaans se onbetwiste meesters. (In gesprek met Sleigh.) Afrikaans.com. <https://afrikaans.com/2018/01/15/dan-sleigh-een-van-afrikaans-se-onbetwiste-meesters> (12 April 2019 geraadpleeg).

Stevens, J. 2016. Christus sterf aan 'n kruis vir ons sondes. *Die Son*, 21 Maart. <https://www.son.co.za/Son-Op-Sondag/Blogs/Gewyde-noot/christus-sterf-aan-n-kruis-vir-ons-sondes-20160321> (11 Februarie 2021 geraadpleeg).

Terblanche, E. 2017. Dan Sleigh. ATKV[LitNet-Skrywersalbum. <https://www.litnet.co.za/dan-sleigh-1938> (5 Oktober 2020 geraadpleeg).

Twidle, H. 2013. Writing the company: From VOC *Daghregister* to Sleigh's *Eilande*. *South African Historical Journal*, 65(1):125–52.

Upchurch, M. 2005. Ambitious novel surveys South African struggle. *The Seattle Times*, 3 Julie. <https://www.ksl.com/article/55720/ambitious-novel-surveys-south-african-struggles> (27 Oktober 2020 geraadpleeg).

Van Coller, H. 2017. André P Brink se nalatenskap aan die letterkunde. LitNet. <https://www.litnet.co.za/andr-p-brink-se-nalatenskap-aan-die-letterkunde> (21 Oktober 2020 geraadpleeg).

Van Zyl, D. 2003. Perspektiewe op die “ander” in *Pieterella van die Kaap* deur Dalene Mathee en *Eilande* deur Dan Sleigh. *Stilet*, 15(2):53–67.

Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility: A history of translation*. New York, Londen: Routledge.

Viljoen, L. 2002. Resensie: Dan Sleigh – *Eilande*. *Die Burger*, 19 Mei. https://www.academia.edu/22253716/Resensie_Dan_Sleigh_Eilande_2002 (6 September 2020 geraadpleeg).

—. 2012. Afrikaans literature after 1976: Resistances and repositionings. In Attwell en Attridge (2012:452–73).

Eindnotas

¹ Volgens Terblanche maak Sleigh hierdie opmerking in 'n onderhoud wat in *Die Burger* van 27 Maart 2002 gepubliseer is.

² In haar besinning oor Sleigh as argiefgebaseerde skrywer maak Twidle byvoorbeeld die volgende stelling: “In the last decades, as *the demand for a literature of witness to contemporary events has receded*, a range of South African writers have been drawn to more distant colonial archives” (Twidle 2013:128, my kursivering).

³ Die ander twee maniere sou wees deur middel van die voldoening aan “the familiar standards or the inherent poetry of the genre” en die implisiete verband tussen die werk en “familiar works of the literary-historical context” (Jauss 1970:14).

⁴ “Die proses waardeur die leser 'n artefak omsit in 'n estetiese objek” (Rossouw 2013).

⁵ Volgens Terblanche maak Brink hierdie opmerking in 'n onderhoud wat in *Rapport* van 9 Mei 2004 gepubliseer is.

⁶ Die vertaler is egter juis onsigbaar (sien Venuti 1995). In teenstelling hiermee beskryf die *Seattle Times*-resensent Michael Upchurch Brink se rol soos volg: “About Brink’s translation, all that needs to be said is that it’s an extraordinary act of generosity from one gifted writer to another” (Upchurch 2005).

⁷ Viljoen (2002) stel grootliks dieselfde standpunt in haar resensie van *Eilande*. Sleigh se verteller, gekenmerk deur sy “ingetoënheid”, verskil van dié van Brink se historiese romans, “wat fokus op bepaalde soorte intimiteit”.

⁸ Die kontras tussen Sleigh se geduld en Brink se geesdrif manifesteer ook in hulle gebruik van taal. In *Eilande* bemerk sy “little need for lingering, voyeuristic description” (Twidle 2013:150), met beskrywings van geweld wat grootliks onderspeel word. Daarteenoor Brink, “[whose] language stops at nothing, and the result is an often voyeuristic, almost pornographic depiction of brutality” (Twidle 2013:144).

⁹ Petzold haal hier aan uit Brink se artikel “To re-imagine our history” in 'n uitgawe van die *Weekly Mail & Guardian* in September 1993.

- ¹⁰ Die aanhaling kom uit Brink se 1996-opstel (bladsy 17), “Reinventing a continent (Revisiting history in the literature of the New South Africa: A personal testimony)”. *Word Literature Today*, 70(1):17–23.
- ¹¹ In haar uiteensetting van liminaliteit verwys du Plooy veral na Manuel Aguirre, Roberta Quance en Philip Sutton se *Margins and thresholds. An enquiry into the concept of liminality in text studies* (2000), asook na verskeie werke van Victor Turner (1969, 1974, 1982).
- ¹² Alhoewel sy nie die term *liminaliteit* gebruik nie, stel Van Zyl (2003:59) grootliks dieselfde standpunt: “Die verskillende fokalisators in *Eilande*, selfs fisikaal Deneyn en Peter Havgard, staan uiteindelik almal in die teken van die ‘ander’, as gemarginaliseerdes in die samelewing, gestel teen die magtige VOC in die sentrum.”
- ¹³ Soos in afdeling 3 aangetoon sal word, is hierdie stelling in ’n mate betwisbaar.
- ¹⁴ Van Zyl se verwysing is na die gemelde skrywers se *The empire writes back. Theory and practice in postcolonial literatures* (1989), bladsy 175.
- ¹⁵ Soos Twidle (2013:140) aandui, het Matthee inderdaad ruim van Sleigh se navorsing gebruik gemaak. Sien ook Matthee (2000:645, 646).
- ¹⁶ Volgens Twidle maak Sleigh dié opmerking tydens ’n persoonlike onderhoud op 10 Maart 2007.
- ¹⁷ Verbasend genoeg sluit Viljoen se oorsig geen verwysing in na *Pieterella van die Kaap* nie.
- ¹⁸ Om enkeles te noem, beide in 1996 gepubliseer: Johannes Smit, Jean-Philippe Wade en Johan van Wyk se *Rethinking South African literary history* en Michael Chapman se *Southern African literatures*.
- ¹⁹ Anker verwys na Boehmer se *Colonial and postcolonial literature. Migrant metaphors* (2005).
- ²⁰ *Die buiteposte. VOC buiteposte onder Kaapse bestuur 1652–1795* is die verwerking van Sleigh se doktorsale proefskrif en is in 1993 uitgegee.
- ²¹ Hierdie stelling is waar slegs indien die agt jeugromans buite rekening gelaat word wat Sleigh, destyds ’n onderwyser, tussen 1972 en 1979 geskryf het (https://af.wikipedia.org/wiki/Dan_Sleigh). Meer oor hierdie aangeleentheid in afdeling 3.
- ²² Anker haal hier aan uit Brink se 1996-artikel “Reinventing a continent (Revisiting history in the literature on the New South Africa: A personal testimony)” in *World Literature Today*, 70(1):17–23; kyk veral bladsy 19.
- ²³ Twidle haal hier gedeeltelik aan uit David Johnson (2010) se “Representing Cape slavery: Literature, law and history” in *Journal of Postcolonial Writing*, bladsy 504.

²⁴ Volgens Twidle (2013:136) sou Sleigh self hierdie voorstel gemaak het: “As the author [Sleigh] notes, his work is better described as a collection of seven novellas.”

²⁵ Hoewel *Wals met Matilda* in die hedendaagse Kaapstad afspeel, bied dit, soos die titel aandui, ’n historiese verkenning van ’n kontrei in Australië.

²⁶ Die drie historiese romans *Eilande*, *Afstande* en *1795* het ’n gekombineerde bladsytaal van 1 896.

²⁷ *Afstande* speel in die Persiese Ryk in die 4de eeu v.C. af en vertel die verhaal van die Anabasis uit die dubbele oogpunt van die soldaat-skrywer Xenophon en die Joodse eunug en profeet Nagri.

²⁸ Waar *Eilande* handel oor die begin van die Kaap onder VOC-bestuur, het *1795* die laaste maande van die Kaap onder VOC-bestuur as tema, voor die eerste Britse besetting.

²⁹ Sleigh noem ook as rede vir sy besluit sy verswakkende sig en die feit dat hy, benewens sy historiese werk, ook meer tyd wil bestee aan natuurbewaring. Dié redes dui op Sleigh as mens, eerder as die “voorstelling” van homself as historikus/skrywer. (Sien ook La Vita 2016.)

³⁰ Volgens Terblanche maak Sleigh hierdie opmerking tydens ’n onderhoud met Phyllis Green, gepubliseer in *Sarie*, 30 Augustus 2016.

³¹ Die volgende stelling is tekenend van die belang wat Afrikaans as Sleigh se skryftaal beklee – en die rol wat dit in sy “sending” speel: “Wat gaan word van al die skrywers? Ék gaan ophou. Wat gaan word van Tafelberg Uitgewers en die jong skrywers wat aan die opkom is? Ek is klaar, maar wat van die ander? Wat word van hulle manuskripte as hierdie huidige verengelsing voortgesit word in die naam van ... wat noem hulle dit? Vooruitgang?” (La Vita 2016).

³² Dit sou navorsers die moeite loon om, binne die raamwerk van die resepsie-estetika, die verhouding tussen Sleigh en die figuur wat hom kwansuis in die roman verteenwoordig, De Grevenbroek, te ontleed aan die hand van begrippe soos *werklike outeur* en *implisiete outeur* (sien byvoorbeeld Booth 1983; Chatman 1978). Dit sou eweneens interessant wees, met verwysing na die verskillende verwagtingshorisonne met betrekking tot *Eilande* wat in hierdie artikel voorgestel word, om ’n ontleding te doen aan die hand van die verskille tussen ’n *werklike leser* en ’n *implisiete leser* (en ander vertakkinge van dié begrippe). Binne die grense van hierdie artikel word daar nie verder hierop ingegaan nie.

³³ Sien De Grevenbroek (1933:277) vir die oorspronklike, heelwat langer, passasie waarop Sleigh se beskrywing hier duidelik gebaseer is. Volgens die antropoloog Isaac Schapera kom dit voor asof De Grevenbroek se manuskrip, wat in die vorm van ’n brief aan ’n onbekende Nederlandse kerklike geskryf is, die “preliminary draft” (Sleigh se “voorlopige weergawe”) is van ’n meer volledige weergawe wat verlore geraak het. Schapera beskryf dit as “a very badly arranged piece of work, passing confusedly from one topic to another, with frequent irrelevancies and repetitions” (Dapper, Ten Rhyne en De Grevenbroek 1933:166).

³⁴ In hierdie verband, vergelyk weer eens Twidle (2013:151): “the palpable sense of narrative exhaustion which hangs over the end of the work”.

³⁵ Ek sal in 3.3.2.2 hierdie aanhaling vanuit ’n reddingsperspektief bespreek.

³⁶ Afgesien, miskien, van die groter metaforiese rykheid by De Grevenbroek: die eindeloosheid van die “groot see” (en al sy “sirkels”) teenoor, by Sleigh, die leegheid van “eindelose ruimte”. En die toevlug van die metaforiese “ark”, wat in die wêreld van die 20ste-eeuse historikus/skrywer uiteraard die baie meer saaklike “ontleding en vertolking van dokumente” behels.

³⁷ Twidle (2013:139) karakteriseer die plekhouerverhouding tussen die skrywer Sleigh en die karakter De Grevenbroek soos volg: “Grevenbroek becomes in a sense the frame narrator who has reconstructed the previous lives, and a surrogate for the contemporary author who in turn transcribed VOC minutes, missives and affidavits into a digital archive”.

³⁸ Hierdie aspek van die roman sou op sigself ’n gedetailleerde studie regverdig. Hier word slegs by die buitelyne gehou.

³⁹ Samuelson skryf ook oor literêre voorstellings van Nongqawuse en “Sarah Bartmann”.

⁴⁰ Samuelson (2005:i) verwys in hierdie verband na ’n “sentimental myth”. Elders stel sy dit so: “‘White’ South Africans have reclaimed Krotoa-Eva as foremother in order to redefine ‘white’ identity and carve out a position and sense of belonging for themselves [...], rooting themselves in African soil by tracing their ‘bloodlines’ back to Krotoa-Eva in order to ‘gain what seems like legitimate access to the new rainbow family’”, ’n proses van identifikasie wat sy ietwat neerhalend beskou as ’n “effortless identification with the colonised” (Distiller en Samuelson 2005:37).

⁴¹ In Brink se roman is “Kamma/Maria” (die “fictionalized version of Krotoa-Eva” – Samuelson 2005:22) se tong uitgesny wanneer sy uiteindelik gevra word om te sê aan wie se kant sy is: “Slicing out her tongue, Brink prevents Kamma/Maria from positioning herself either way, or presenting herself as she is positioned” (Samuelson 2005:23).

⁴² ’n Vyfde kind sterf kort na geboorte (680).

⁴³ Onderskeidelik deur André P. Brink en Trudie Bloem.

⁴⁴ As teoretiese motivering vir hierdie wedersydse uitsluiting berus Samuelson (2005:29) haar op twee vertaalkundige begrippe: Lawrence Venuti se “translation as domestication” en Walter Benjamin se “residue of translation”.

⁴⁵ In die volgende afdeling sal in meer besonderhede hierop ingegaan word.

⁴⁶ Samuelson verkry Matthee se (deur haar vertaalde) woorde uit ’n artikel van Elmary Rautenbach met die titel “Dalene in 2000” in *Sarie*, 22 Maart 2000, bladsy 32.

⁴⁷ Sleigh se verwysing is soos volg: “Openbaring aan Johannes, hoofstuk VIII, v. 8–9”. Die subtitel blyk ’n aanpassing te wees van verse 8 en 9, wat gedeeltelik lui: “[E]n ’n derde van

die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende wesens in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan" (*Die Bybel*, 1966: Die Openbaring van Johannes 8, Verse 8–9).

⁴⁸ 'n Interessante uitsondering sou die arrogante en siniese fisikaal Deneyn wees. Ook in sy gedagtes verskyn die onderhawige beeld, met dié verskil dat hy die redder is eerder as die drenkeling. Mary, dogter van die Mauritiaanse goewerneur (en voormalige seerower) Hubert Hugo, se geliefde, Pierre Philippe Col, word deur haar vader gevange gehou. Wanneer die ontnemde verloofde haar per brief wend tot Deneyn in 'n poging om Col te hulp te wees, "[voel Deneyn] hy is op 'n vlot in die oop see en sien mense van 'n sinkende skip af gly en wegdryf, hy sien hulle skreeu. Hulle steek 'n hand na hom uit, pleit om hulp" (459). Deneyn se aanvanklike bedoeling om Col te help (inderdaad om Mary se guns te wen) lei egter skipbreuk wanneer die skipper Cornelis Frooij, wat 'n sleutelgetuie sou wees ten gunste van Col, beskuldig word van sodomie en Deneyn self Frooij vervolg en ter dood laat veroordeel (sien 480–6).

⁴⁹ Bart lê hier in "sy water", nadat hy voorheen gered is uit die eindelose water van die see.

⁵⁰ Die Bataafse goewerneur-generaal Johan Maetsuyker sou eweneens die sinking van die skepe deur 'n droom voorspel het (sien 217–8).

⁵¹ Die beeld van die drenkeling kom in werklikheid drie keer in die klerk se verhaal na vore, die eerste (in die chronologie van sy tyd aan die Kaap) kort na sy aankoms. Vas onder die indruk dat hy eintlik onderweg was na die Ooste, is hy, eintlik teen sy sin, as klerk in Simon van der Stel se administrasie aangestel, 'n amp wat hy as bloot tydelik beskou het tot sy "verlossing" moes kom in die vorm van 'n beroep na die Ooste. Toe hy hom egter ses maande later steeds in die Kaap bevind, het hy "wanhopig, [...] aan die woord hoop geklou, 'n moeë swemmer alleen in die see". Hierdie toneel betrek egter geen "redder" nie, soos onmiddellik blyk uit die daaropvolgende sin: "Later, aan die einde van sy lewe, was hy bly oor wat gebeur het" (701).

⁵² Robbins verwys hier na Laclau se 1995-artikel "Universalism, particularism, and the question of identity".

⁵³ Die aanhaling is uit Spivak se 1991-artikel "Remembering the limits: Difference, identity and practice: A transcript".